In die *arbeidsmark* het die toenames in die totale werkverskaffing buite die landbou in die loop van die eerste drie kwartale van 1989 herstel tot by 'n groekoers wat (ná seisoensaansuiwering en omrekening na 'n jaarvlak) die koerse van toename in die werkverskaffing van jaar tot jaar gedurende die opgangsjare 1986-1988 beduidend te bove gegaan het. Sodanige inligting as wat tans vir die vierde kwartaal van 1989 beskikbaar is, dui egter op 'n verlangsaming van die toenames in die werkverskaffing, of selfs op werklike afnames in die totale werkverskaffing, teen die einde van die jaar. Die geregistreerde *werkloosheid* onder die Blanke, Kleurling- en Asiérbevolkingsgroepe, en die werkloosheid onder Swart werkers soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname gemeet word, het in die derde en 'n deel van die vierde kwartaal van 1989, in skynbare teenstryd met die afkoeling van die ekonomie, hernieuwe afnames getoon. Die jongste beskikbare gegewens vir die laaste deel van 1989 en die begin van 1990 toon nog steeds geen aanmerklike opwaartse neiging nie.

Die *inflasiekoste*, wat in die tweede kwartaal of teen die middel van 1989 hul jongste hoogtepunte bereik het, het in die meeste gevalle in die tweede helfte van 1989 beduidend teruggesak en in die eerste drie maande van 1990 met hierdie verbetering voortgegaan. Die lige afwaartse beweging (en enkele heelwat meer dramatiese verbeterings) van die inflasiekoste vanaf die middel van 1989 het steun ontleen aan die fermer ondertoon, die beduidende verstewiging en die slegs geringe daaropvolgende verswakking wat die effektiewe wisselkoers van die rand in die derde en die vierde kwartaal van 1989 en die eerste kwartaal van 1990 aan die dag gelê het. Gedurende 'n groot deel

van hierdie periode het die opheldering van die inflasioneel egter plaasgevind teen 'n agtergrond van versnelende nominale loonsverhogings en van eenheidsarbeidskoste wat sowel reëel as nominaal gestyg het. Hierbenewens is daar tot dusver vergelykenderwys nog slegs min vordering gemaak met die verlaging van die koers van die inflasie in die verbruikerspryse – veral indien hierdie koers oor periodes van twaalf maande bereken word.

Die matige verdere verslapping van die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1990 het daar toe bygedra om die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans verder op te bou. Hierdie oorskot het verruum onder die invloed van 'n beduidende herstel van die goedere-uitvoerverdienstes en van 'n aansienlike daling in die netto dienstes- en oordragbetalings aan buitelanders vanaf die ongewoon hoë peil waarop hierdie betalings in die voorafgaande kwartaal te staan gekom het. Hierdie twee positiewe faktore het meer as vergoed vir 'n aanmerklike daling in die waarde van die netto gouduitvoer en vir 'n sekere hernieuwe styging in die goedere-invoer.

'n Dramatiese verbetering kon – hoofsaaklik vanweë 'n baie groot ommeswaai in die bewegings van korttermynkapitaal – in die eerste kwartaal van 1990 op die kapitaalrekening van die betalingsbalans waargeneem word. Gesamentlik het die oorskot op die lopende rekening en die klein oorblywende netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, daar toe gelei dat die totale Suid-Afrikaanse bruto sowel as netto reserwes gedurende hierdie periode in belangrike mate verstewig het. Terugbetalings van buitelandse lenings wat in 1986 in lenings met 'n driejarige looptyd omskep is, en terugbetalings op ander skulde buite die stilstandsnet, het egter meegebring dat die Reserwebank se bruto buitelandse-batebesit in April beduidend en ook in Mei in 'n meer beperkte mate teruggesak het.

Die effektiewe wisselkoers van die rand het in Januarie-Februarie 1990 in geringe mate en in Maart meer beduidend verswak. Nadat dit in April stabiel gebly het, het dit in Mei weer 'n effense daling getoon.

Die afkoeling van die ekonomie het by toeneming in verlangsamings van die groeikoerse in die kredietverlening van monetêre instellings aan die private sektor en, in 'n duidelik minder indrukwekkende mate, ook in dié van die M3-geldvoorraad tot uiting gekom. Die verlangaming van hierdie groeikoerse vanaf laat in 1988 tot en met 1989 en die eerste deel van 1990 het die meeste van hierdie koerse egter eers onlangs tot op peile van minder as 20 persent afgebring. Die tempo van die monetêre uitbreiding het derhalwe tot dusver nog steeds op beduidend hoër vlakke gebly as wat in vergelykbare stadiums van die verlangaming in die verlening van nuwe krediet vanaf laat in 1984 tot vroeg in 1987 die geval was; hierbenewens het die mate waarin die groeikoers in M3 oor periodes van twaalf maande vanaf sy hoogtepunt in Augustus 1988 terug-

gesak het, ook duidelik nie daarin geslaag om die omvang van die verlangaming oor vergelykbare periodes gedurende hierdie vroeëre tydperk te ewenaar nie.

Die groei in die monetêre totale en in die bankkrediet is in 1988 en 1989 opgestoot deur "egte likwiditeitsvoordeur" en deur herintermediasieverkynsels. Die vinnige uitbreiding van bankinstellings se verbintenissoos ingevolge terugkoopooreenkomste, wat veral gedurende sekere dele van 1989 na vore getree het, was 'n weerspieëeling van hierdie instellings se pogings om 'n gedeeltelike ommekeer van hierdie prosesse te bewerkstellig. Die baie groot omvang van die totaal aan uitstaande terugkoopooreenkomste het die Reserwebank daar toe gelei om, hoofsaaklik ter wille van die behoud van gesonde bankpraktekye, op 24 April aan te kondig dat die bedrag waarmee bankinstellings se terugkoopverpligtings die vlak van hierdie verpligtings soos aan die einde van Februarie 1990 oorskry, aan kontantreserwe- en likwiedebatevereistes onderhewig gestel sou word.

Soos die statistieke van die nasionale rekeninge vir die eerste kwartaal van 1990 en die meeste meer onlangs beskikbare lesings van konjunkturgevoelige tydreeks hulle in die middel van Junie 1990 aan waarnemers voorgedoen het, het hierdie gegevens nog geen aanduiding gegee van 'n belangrike verswakkking van die algemene saketoestand of van 'n skerp en skielike afwaartse aanpassing van die ekonomiese bedrywigheid nie. Sekere gebeurtenisse het egter wel "afwaarts gewys" of gedui op 'n moontlike versnelling van die tempo waarteen die ekonomie tans besig mag wees om af te koel.

In die eerste plek tree afwaartse neigings na vore uit die jongste verloop van onder andere die netto nuwe registrasies van maatskappye, die groot- en kleinhandelsomsette teen konstante pryse, en die aantal nuwe motorvoertuie verkoop. Die motorhandelaars het egter ook te kampe gehad met ongerekende aflewerings en ontoereikende voorrade en het in werklikheid gedurende Mei weer 'n aanmerklike herstel van hul verkoop-syfers ondervind.

In die tweede plek het die verlangaming van die uitbreidingstempo van nuwe bankkrediet aan die private sektor (wat skynbaar 'n weerspieëeling is van bankinstellings se verhoogde teësinnigheid om uit teleen sowel as van private leners se verhoogde onwilligheid of onvermoë om teleen) nou reeds heel aansienlike vordering gemaak. Die mees onlangs aangetekende stygings in die banke se eise teen die private sektor lê ná aan die Reserwebank se moreel voorgeskrewe rig-snoer van nie meer as 1 persent per maand nie. Hulle lê ook ná aan die punt waar daar reëel gesproke of ná aansuiwing vir die inflasie, geen groei in die uitstaande bankkrediet sal wees nie.

In die derde plek wil dit lyk asof die "vertroue" in April, Mei en Junie 1990 nie daarin kon slaag om die deurgaans hoë peil daarvan wat in die eerste paar maande van die jaar bestaan het, ten volle te handhaaf nie. Dit

wil voorkom asof die gemoedstoestand in die sakewêreld en onder verbruikers, onder andere op grond van die vinnige onlangse en te wagte maatskaplike politieke ontwikkelings en die potensieel gewigste maar slegs baie dof vooruitsienbare aard van hierdie gebeure, meer "kwesbaar" geraak het. 'n Gemoedstoestand van minder opgewekte vertroue het ook geneig om voort te spruit uit dalings van die goudprys soos dié wat laat in Maart en teen die einde van Mei en in die begin van Junie ingetree het, en uit die invloed wat hierdie goudprysbewegings op die verloop van die aandelepryse op die effektebeurs uitgeoefen het.

Dit lyk waarskynlik dat die totale reële produksie van die ekonomie in die tweede kwartaal van 1990 die afwaartse uitwerking sal toon van die gebruiklike opeenvolging van openbare vakansiedae en lang naweke in April en Mei sowel as van onlangse toenames in die voorkoms van polities-geïnspireerde absentisme, wegblêry en arbeidsonrus, onlangse en huidige gevallen van wrywing tussen bevolkingsgroepe in sekere dele van die land, en onlangse en huidige gevallen van vakbondoptrede in verskeie sektore en sub-sektore van die ekonomie. Teenoor hierdie verskeie negatiewe elemente vestig die hoofteks van hierdie *Oorsig* egter ook die aandag op faktore wat daartoe sal neig om die verbruiksbesteding van die private sektor in die kwartale wat voorlê, op peil te hou. Hierbenewens is dit moontlik dat daar van die Staat se bestedingsbeleid in die fiskale jaar 1990/91 'n groter stimulerende invloed sal uitgaan as waarvoor daar in die Begroting van Maart 1990 voorsiening gemaak is.

Die *kapitaalmarkte* was in die eerste kwartaal van 1990 getuie van verdere baie groot toenames in die omsette van aandele en van effekte van die openbare sektor wat op die beurs verhandel word. Die aandelepryse het ook 'n matige verdere herstel getoon, terwyl daar 'n verdere stygging in die waarde van die transaksies in vaste eiendom aangeteken is. In April het daar egter 'n skerp daling in die bedrywigheid van die handel in sowel effekte as aandele, asook 'n mate van algemene verswakkning van die aandelepryse, ingetree.

In die *geldmark* het die betreklike stram toestande nog voortgeduur; die daggeldkoerse in die mark het oor die maandeindes van Januarie tot Mei 1990 tot onderskeidelik 21,25; 20,00; 20,25; 21,00 en 20,75 persent gestyg. Hierteenoor het die koerse op korttermyn-geldmarkinstrumente ná die Bankkoersverhoging van Oktober 1989 'n betreklik hoë mate van stabiliteit aan die dag gelê. *Onder andere* om die verruimende invloed teen te werk wat stygings in die Reserwebank se netto besit aan buitelandse reserwes op die marktoestand uitgeoefen het, het die Bank vanaf 23 Februarie 1990 van tyd tot tyd gebruik gemaak van dollar-ruiloooreenkoms wat met die vooraanstaande banke aangegaan is.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings


Binnelandse produksie

Die eerste ramings van die nasionale rekeninge dui aan dat die Suid-Afrikaanse reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1990 verder ingekrimp het. Die tans beskikbare inligting dui daarop dat die tempo van hierdie afname 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 1½ persent beloop het. Dit volg op 'n afname teen 'n soortgelyke koers in die vierde kwartaal van 1989.

Ramings van die produksie volgens sektore toon dat die reële toegevoegde waarde in die *primêre sektore*, dit wil sê in die landbou en die mynbou, in die eerste kwartaal van 1990 beduidend afgeneem het. In die mynbousektor het die daling in die reële produksie in die eerste kwartaal van 1990 op 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van nie minder nie as 12 persent te staan gekom. Dit was die gevolg van 'n aansienlik laer produksie van goud en van betreklik oninspirerende produksieprestasies in ander onderafdelings van die mynboubedryf. Die goudmynbou is – behalwe deur sy langertermynprobleem van vasgeklemdheid tussen stygende bedryfskoste aan die een kant en langdurige betreklike slapte van die goudprys aan die ander kant – nadruklik getref deur sporadiese arbeidsonrus, tegniese probleme by sekere myne en 'n gevoldlike afname in die vergruisingsbedrywigheid. Terselfertyd is daar ook 'n daling in die gemiddelde goudgehalte van die vergruisde erts ondervind.

Die reële produksie in die *sekondêre sektore*, dit wil sê in die nywerheidsektore, het, na dit wil voorkom, in die eerste kwartaal van 1990 effens gedaal vanaf dievlakte wat dit in die vierde kwartaal van 1989 bereik het. Klein afnames in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese en in die konstruksiebedryf het meer as ten volle opgeweeg teen die effense

Reële bruto binnelandse produk



uitbreiding van die reële produksie wat in die sektor elektrisiteit, gas en water aangeteken is. Produksieafnames in die fabriekswese is hoofsaaklik in die subsektore voedsel, papier en drukwerk, en onedele metale aangeteken. Verhoogde produksievlekke het egter in die nie-metaalhoudende mineraalproduksie en in die vervaardiging van masjinerie en vervoertoerusting voorgekom.

Die reële toegevoegde waarde in die *tertiere sektore*, dit wil sê in die handels- en dienstesektore, het na raming in die eerste kwartaal van 1990 matig toegenem, naamlik teen 'n jaarkoers van effens meer as 2 persent. Dit wil voorkom asof produksietoenames in bykans alle tersiêre sektore aangeteken is; die tempo van hierdie toenames het, teen jaarkoerse, van 1 tot ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent gewissel.

Die betreklik stewige koerse van die reële produksiegroei in die tersiêre sektore kon onder andere toege-skryf word aan die volgehoud sterke van die buitelandse vraag en aan die positiewe gemoedstoestand wat gedurende die grootste deel van die eerste drie maande van 1990 nog met betrekking tot die Suid-Afrikaanse maatskaplik-politieke situasie onder die


grootste deel van sowel die huishoudelike as die sake-sektor bestaan het.

Binne die totaal van die tersiêre bedrywigheid het bykans al die subsektore van *vervoer* en van die *finansiewese* positiewe reële groei getoon. In die *handelssektor* het sowel die groot- as die kleinhandel verbeterings aan die dag gelê. Die reële toegevoegde waarde van die motorhandel het daarenteen teen 'n jaarkoers van ongeveer 7 persent ingekrimp. Die motorhandel is ongunstig geraak deur besnoeiings van huishoudings se reële duursame verbruiksbesteding, minder gunstige oesvooruitsigte in die landbou, en verminderende besteding aan reële investering deur sakeonderneemings. Daarbenewens het motorhandelaars te kampe gehad met belemmerings van die aanvoer wat veral die afset van swaar handelsvoertuie nadelig beïnvloed het.


Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die tweede kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van $1\frac{1}{2}$ persent en in die derde en die vierde kwartaal teen jaarkoerse van $6\frac{1}{2}$ en $7\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Die huidige ramings dui daarop dat hierdie afnames in die totale reële besteding in die eerste kwartaal van 1990 vir 'n vierde opeenvolgende kwartaal voortgesit is,

Komponente van reële bruto binnelandse produk



Reële bruto binnelandse besteding



maar teen 'n laer koers wat voorlopig op effens meer as 1½ persent geraam word.


As gevolg van die inkrimping van die totale reële bruto binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1989 en daarná, was die vlak van hierdie besteding in die eerste kwartaal van 1990 bykans 5 persent laer as in die eerste kwartaal van 1989.

Die verlangsaming van die koers waarteen die totale reële bruto binnelandse besteding van die tweede helfte van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 ingekrimp het, kon toegeskryf word aan 'n effense herversneling van die groei in die reële private verbruiksbesteding en aan 'n groot toename in die reële overhedsverbruiksbesteding van kwartaal tot kwartaal nadat hierdie besteding drie kwartale ná mekaar afgeneem het. Daarteenoor het die totale reële bruto binnelandse vaste investering volgens die voorlopige ramings verder gedaal, terwyl verdere verminderings na raming ook in die totale reële voorrade voorgekom het.

Die matige toename in die reële *private verbruiksbesteding* was hoofsaaklik gebaseer op toenames in die reële besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste. Hierdie toenames het meer as vergoed vir verdere afnames (wat weliswaar teen laer koerse as in die voorafgaande twee kwartale plaasgevind het) in huishoudings se reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere. Die tempo van die inkrimping in huishoudings se reële besteding aan *duursame verbruiksgoedere*, wat in die tweede helfte van 1989 'n gemiddelde jaarkoers van 11½ persent bereik het, het in die eerste kwartaal van 1990 aanmerklik afgeneem. Dit kon toegeskryf word aan 'n verlangsaming van die daling in huishoudings se reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting en aan die feit dat hul reële besteding aan meubels nog steeds op 'n stetige peil gestaan het.

Die inkrimping van huishoudings se reële besteding aan *semi-duursame goedere* het voortgespruit uit verminderings van hul reële uitgawes aan bestedingsposte soos klerasie, huishoudelike tekstiele, en motoronderdele en -toebehore. Die matige toename in die totale reële besteding van die private sektor aan *nie-duursame verbruiksgoedere* en aan dienste was 'n weerspieëeling van die meer noodsaaiklike en nie-diskresionêre aard van die uitgawes in hierdie bestedingskategorieë, asook van die relatiewe verskuiwing in die rigting van nie-duursame besteding waardeur periodes van "konsolidasie" in die reële ekonomie en van terugsakkings in die reële persoonlike beskikbare inkomme per capita neig om gekenmerk te word. Sodaanige verskuiwings kan behels dat duursame besteding tot op sekere hoogte deur nie-duursame besteding vervang word, wat weer kan beteken dat die reële nie-duursame besteding per capita kan *toeneem* terwyl die *totale* reële verbruiksbesteding per capita in werklikheid besig is om af te neem. Benewens hierdie konjunktuurelemente, kon die onlangse toename in

Persoonlike beskikbare inkomme en besteding per capita





die relatiewe belangrikheid van die nie-duursame besteding binne die totaal van die reële private verbruiksbesteding moontlik egter ook die invloed getoon het wat deur verskuiwings in die *verdeling* van die reële persoonlike beskikbare inkomme tussen inkomme-ontvangers in verskillende kategorieë inkomme volgens die grootte daarvan, daarop uitgeoefen is.

Die vooruitsigte vir huishoudings se reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere gedurende die res van 1990 behoort in beduidende mate op peil gehou te word deur sekere beleidsaanpassings wat in die eerste kwartaal van 1990 in werking gestel is. Hierby is onder andere ingesluit die verslapping van huurkoopvooraardes (met betrekking tot minimum deposito's en maksimum terugbetalingstydperke) ten aansien van artikels soos stowe, yskaste en televisiestelle, wat op 10 Maart 1990 van krag geword het, en die verlaging van die bo-belasting op ingevoerde goedere, wat in die Sentrale Regering se Begroting vir 1990/91 aangekondig is en waardeur prysverhogings ten opsigte van die betrokke goedere teruggehou behoort te word indien dit nie tot werklike prysverlaging lei nie.

Hierbenewens is daar in die Begroting verskeie aanpassings van die belasting op persoonlike inkomens aangekondig waaruit veral die laer- en middelinkomstegroepe voordeel behoort te trek; die verligting wat hierdie maatreëls meebring, behoort vanaf die datum van hul tenuitvoerlegging in Julie 1990 gevoel te word. Verbeterings is ook aangekondig met betrekking tot die lone en salarissose van verskeie groepes laagbesoldigde Staatsdienspersoneel. Daarteenoor sal verdere stappe in die proses van gefaseerde inwerkingstelling

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



van die belasting op byvoordele die reële besteding aan duursame verbruiksgoedere (veral motorvoertuie) onder die hoër-inkomstegroepe ongunstig beïnvloed.

Die *reële owerheidsverbruiksbesteding* het in die eerste kwartaal van 1990 (dit wil sê in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1989/90), ná drie opeenvolgende kwartale van betekenisvolle bestedingsafnames, weer aansienlik gestyg. Die betrokke groot stygging in die eerste kwartaal van 1990 het hoofsaaklik

voortgespruit uit groot toenames in die reële owerheidsbesteding aan intermediêre goedere en dienste.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1990 word op ongeveer 16½ persent geraam. Ofskoon hierdie koers van toename klaarblyklik hoog was, was dit nietemin aansienlik laer as die teenhanger daarvan in die eerste kwartaal van 1989, wat ongeveer 40 persent beloop het. Die jongste twee fiskale jare was in werklikheid getuie van 'n belangrike verskuiwing in die tydprofiel van die owerheidsverbruiksbesteding in die loop van hierdie twee fiskale jare: terwyl hierdie soort besteding normaalweg in die eerste kwartaal van fiskale jare sy seisoenshoogtepunt aangeteken het, het dit in die fiskale jaar 1988/89 sowel as 1989/90 eers in die laaste kwartaal sy hoogtepunt bereik.

Die vlak van die reële owerheidsverbruiksbesteding was in die eerste kwartaal van 1990 sowat 2½ persent *laer* as in die eerste kwartaal van 1989. Die totale reële owerheidsverbruiksbesteding in die fiskale *jaar* 1989/90 was na raming egter ongeveer 1 persent hoër as in die voorafgaande fiskale jaar, teenoor die toename van ongeveer 3 persent wat in die fiskale jaar 1988/89 aangeteken is.

Die groei in die totale reële *bruto binnelandse vaste investering* het in die derde kwartaal van 1989 bykans geheel en al weggekwyn; in die vierde kwartaal van 1989 het die bruto vaste investering vervolgens teen 'n jaarkoers van ongeveer 4½ persent ingekrimp. Die huidige aanduidings is dat hierdie daling in die eerste kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van ongeveer 4 persent voortgesit is.

In die *private* sektor is daar in die eerste kwartaal van 1990 afnames aangeteken in die reële vaste investering in die landbousektor, die konstruksiebedryf en die finansiewese. In die geval van die landbou is die reële vaste investering teruggehou deur vooruitsigte vir ooste, en vir die boere se reële bruto inkomens, wat in 1990 minder gunstig is as in 1989; deur die betreklik hoë reële rentekoerse; en deur die neiging om marginale landbougrond aan bewerking te onttrek. Die kapitaalvorming in die konstruksiebedryf word beïnvloed deur die besnoeiing van die owerheidsbesteding aan deurpaaie en ander infrastrukturele kapitaalwerke; hierbenewens lyk dit onwaarskynlik dat die reële besteding aan woongeboue (en aan ondersteunende konstruksiewerk, soos paale en strate, riolstelsels en krag- en waterverspreiding) van 1989 tot 1990 sal toeneem.

In die sektor finansies en vaste eiendom het die daling in die reële vaste investering in verband gestaan met die afgang in die reële besteding aan private woongeboue. Dalings is ook aangeteken in die reële besteding aan masjinerie en vervoertoerusting wat deur bruikhuurkontrakte gefinansier is.

Enkele toenames is nog in die reële besteding aan vaste kapitaalvorming in die fabriekswese, die handel

en die mynbousektor aangeteken. Dit wil nietemin voorkom asof die reële vaste investering in die fabriekswese 'n afwaartse reaksie toon op faktore soos die onlangse effense verruiming van die marges van ongebruikte of onderbenutte produksiekapasiteit, die lae reële groeikoers wat die ekonomie in die algemeen na verwagting gedurende 1990 aan die dag sal lê, die minder indrukwekkende kontantvloeい van sakeondernemings, en die feit dat die likwiditeit van maatskappye tans ietwat minder oorvloedig is.

Die reële bruto vaste investering in die *openbare sektor* het verder gedaal vanaf sy jongste hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989. Dit kon hoofsaaklik verklaar word aan die hand van die afwaartse neiging in die reële besteding aan vaste investering deur die *openbare owerhede*. Onder die sakeondernemings van die algemene owerheid het die reële vaste investering deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste in die eerste kwartaal van 1990 'n opmerklike toename getoon. Dit is egter meer as ten volle deur afnames in die reële besteding aan vaste investering deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en deur 'n afwaartse beweging in hierdie soort besteding deur die algemene owerheid geneutraliseer.

Uiteenlopende neigings het na vore gekom in die reële vaste investering deur die *openbare korporasies* in hul onderskeie subsektore. Die voortgesette toename in die reële vaste-kapitaalbesteding deur die openbare korporasies in die fabriekswese kon toege-skryf word aan die volgehoudende hoë vlak van die bedrywighede by die Mossgas-projek. In die sektor elektrisiteit, gas en water het die reële besteding aan vaste-kapitaalvorming oor dieselfde tydperk 'n afname getoon.

Die totale reële voorrade, wat reeds vanaf die derde kwartaal van 1989 gedaal het, het hierdie neiging in die eerste kwartaal van 1990 voortgesit. Afbouing van voorrade kon gedurende hierdie kwartaal in die mynbousektor, die private fabriekswese en die klein- en groothandel opgemerk word. Afnames is ook in die reële landbouvoorraad en in die diamantvoorraad-in-die-handel aangeteken; die vermindering van die diamantvoorraad was 'n weerspieëeling van die lewendige verkoop wat gedurende die eerste kwartaal van 1990 by die internasionale diamantveilings plaasgevind het.

Faktorinkome en besparing


Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die totale nominale faktorinkome *teen markpryse* het in die eerste kwartaal van 1990 11 persent bedra. Die totale faktorinkome teen markpryse was in die eerste kwartaal van 1990 slegs 14 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1989, teenoor 'n toename van jaar tot jaar van 18½ persent van die kalenderjaar 1988 tot die kalenderjaar 1989. Hierdie verlangsaming was 'n weerspieëeling van die afwaartse neiging in die koers van toename oor tydperke van vier kwartale wat sedert

die tweede helfte van 1989 by albei die vernaamste komponente van die nominale faktorinkome (naamlik die vergoeding van werknemers en die bruto bedryfsurplus van sakeondernemings) opgemerk kon word.

Met uitsondering van die vervoersektor en die finansiële sektor, het verlangsamings van die koers van toename in die totale nominale *vergoeding van werknemers* in alle sektore van die ekonomie na vore gekom. Dit was egter besonder opvallend in die mynbousektor en by die algemene owerheid. In die geval van die mynbousektor kon dit onder andere toege-skryf word aan geleidelike verminderings van die aantal werknemers, en wel veral in die goudmynbedryf waar 'n aantal marginale of kwesbare myne hul mynbedrywighede begin inkort het. Hierbenewens het die Nasionale Mynwerkersvakbond sy jaarlikse looneise eers aan die begin van die tweede kwartaal van 1990 ingedien.

In die geval van die algemene owerheid is 'n algemene loon- en salarisverhoging van 10 persent eers vanaf die tweede kwartaal van 1990 toegestaan, wat vergelyk kan word met die algemene aanpassing van 15 persent wat in 1989 vanaf die begin van daardie jaar in werking getree het. In ander sektore is daar in die eerste kwartaal van 1990 geleidelik laer koers van toename in die totale nominale vergoeding van werknemers aangeteken as 'n weerspieëling van skynbaar

Bruto bedryfsurplus en vergoeding van werknemers



laer koers van uitbreiding van werkgeleenthede en 'n ietwat ruimer toestand in die arbeidsmark teen die agtergrond van die huidige en verwagte afkoeling van die ekonomie.


Die jaarkoers van toename in die totale vergoeding van werknemers, wat reeds van 'n gemiddelde van nie minder nie as 23½ persent in die eerste helfte van 1989 tot 'n gemiddelde van 12½ persent in die tweede helfte teruggesak het, het in die eerste kwartaal van 1990 verder, naamlik tot ongeveer 10 persent, afneem. Die totale nominale arbeidsvergoeding was in die eerste kwartaal van 1990 nietemin nog steeds ongeveer 15½ persent hoër as in die eerste kwartaal van die voorafgaande jaar. Hierdie koers van toename het ook beteken dat die totale arbeidsvergoeding reëel gespreek nog effens verder gestyg het.

Soos reeds in hierdie *Oorsig van Maart 1990* vermeld is, het die totale *bruto bedryfsurplus* van sakeondernemings in die vierde kwartaal van 1989 in werkelikhed effens ingekrimp, en wel hoofsaaklik vanweë laer bedryfsurplusse in die landbousektor en minder indrukwekkende koers van toename in die winste van maatskappye in die fabriekswese, die handel en die finansiewese. Dit is egter in die eerste kwartaal van 1990 deur 'n aansienlike toename van kwartaal tot kwartaal in die totale bruto bedryfsurplus gevvolg, wat 'n weerspieëeling was van die betreklik gunstige finansiële resultate wat deur maatskappye in sekere subsektore van die handel, die vervoersektor en die finansiewese, asook in die fabriekswese, aangeteken is. Minder opmerklik gunstige finansiële resultate is egter deur maatskappye in die mynbousektor en in die konstruksiebedryf openbaar gemaak. Bowendien was die koers van verandering *oor vier kwartale* in die totale bruto bedryfsurplus in die eerste kwartaal van 1990 (wat 11½ persent bedra het) effens laer as die gemiddelde jaarkoers van toename in die totale surplus in die tweede helfte van 1989, en ook beduidend laer as die toename van jaar tot jaar van ongeveer 15½ persent van 1988 tot 1989.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het effens verbeter van 'n gemiddelde van byna 22 persent in die eerste helfte van 1989 tot 23 persent in sowel die derde as die vierde kwartaal, maar het in die eerste kwartaal van 1990 weer tot 22 persent teruggesak. Die afname in die eerste kwartaal was 'n weerspieëling van die volgehoue lae peil van die persoonlike besparing en van 'n daling in die netto besparing deur maatskappye; die verloop van sake op hierdie twee fronte het die matige toename in die netto besparing van die algemene owerheid meer as geneutraliseer.

Die dalende neiging in die bruto binnelandse investering vanaf die vierde kwartaal van 1989 het meegebring dat die mate waarin die bruto binnelandse besparing die bruto binnelandse investering oorskry het, aansienlik, naamlik van 'n gemiddelde van slegs 6½ persent in die jaar 1989 tot 12 persent in die eerste

Komponente van besparing as persentasie van bruto binnelandse besparing



kwartaal van 1990, verbeter het. Ofskoon die verslapping van die binnelandse investeringsprestasie klaarblyklik nie verwelkom behoort te word nie, kan die toename in die besparingsoorskot ook in 'n meer positiewe lig beskou word as 'n faktor wat dit vir Suid-Afrika makliker maak om sy verpligtings met betrekking tot die vermindering van sy buitelandse skuld na te kom.

Die verbetering in die netto besparing van die *algemene owerheid* het voortgespruit uit die feit dat die lopende owerheidsinkome in die fiskale jaar 1989/90, hoofsaaklik vanweë hoër ontvangste aan direkte belastings, aansienlik groter was as die bedrag wat in die Begroting van Maart 1989 voorsien is, terwyl die lopende owerheidsbesteding die Begrottingsramings in 'n heelwat meer beskeie mate oorskry het. Positiewe netto besparing deur die algemene owerheid is in werkelikhed weer sedert die derde kwartaal van 1989 aangeteken. Hierdie gang van sake het derhalwe die eerste *volgehoue* verbetering in die owerheid se spaarprestasie beteken sedert netto *ontsparing* deur die algemene owerheid op 'n kwartaalgrondslag vir die eerste keer in die eerste kwartaal van 1984 aangeteken is.

Die daling in die netto besparing deur die *maatskappye* sektor in die eerste kwartaal van 1990 het gevvolg op baie hoë vlakke van die maatskappyebesparing in 1989. Hierdie daling – wat hom voorgedoen het in weerwil van die aanmerklike verbetering in die totale bruto bedryfsurplus waarvan hierbo reeds melding gemaak is – was die gevolg van toenames in maatskappye se betaalings van dividende en direkte belasting, wat self weer gegronde was op die deurgaans uitstekende winsresul-

tate wat veral in die tweede helfte van 1988 en die eerste helfte van 1989 deur baie maatskappye behaal is.

Die netto persoonlike besparing het in die eerste kwartaal van 1990 effens toegeneem maar in verhouding tot die persoonlike beskikbare inkomme nog steeds op die laagste kwartaalvlak gebly wat sedert die netto persoonlike *ontsparing* in die gevorderde stadiums van die mini-boom in die eerste kwartaal van 1984 daarin aangeteken is. 'n Verskeidenheid korttermyn-, konjunkturele en langertermynfaktore dra by tot huishoudings se huidige lae spaargeneigdheid; soos reeds in hierdie *Oorsig* van Maart 1990 opgemerk is, het huishoudings se pogings om te spaar oor die afgelope aantal kwartale onder andere egter ook te kampe gehad met die neerdrukkende uitwerking wat onlangse groot toenames in die reële persoonlike inkomstebelasting, laer netto rente-inkomste op grond van die betreklik hoë huidige vlakke van die verbandkoerse en ander rentekoerse, en die betreklik hoë huidige peil van die verbruikerskuld op die totale reële persoonlike beskikbare inkomme en op die reële beskikbare inkomme per capita uitgeoefen het.


Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die Suid-Afrikaanse ekonomie buite die landbou was in die eerste drie kwartale van 1989 gemiddeld 0,8 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988. Dit kan vergelyk word met toenames van jaar tot jaar in die jaarlike gemiddelde vlak van die werkverskaffing wat in die drie konjunkturele opgangsjare van 1986 tot 1988 onderskeidelik 0,4, 0,9 en 1,2 persent beloop het.

Die mees onlangs bygewerkte en seisoensaangesuiwerde arbeidstatistiek toon dat die totale werkverskaffing buite die landbou in die eerste kwartaal van 1989, in vergelyking met die laaste kwartaal van 1988, weinig of geen verandering getoon het nie maar daarna in die tweede en die derde kwartaal teen jaarkoerse van 0,6 persent en 1,7 persent toegeneem het. Sodaanige inligting as wat tans vir die vierde kwartaal van 1989 beskikbaar is, dui egter daarop dat die toename in die werkverskaffing in die laaste paar maande van 1989 verlangsaam het.

Versnelde toenames in die werkverskaffing kon in die derde kwartaal van 1989 onder andere in die mynbou, die handel, by versekeringsmaatskappye en bouverenigings, en in 'n aantal ander dienstebedrywe opgemerk word. Daarteenoor is daar in die private padvervoer en die konstruksiebedryf en by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, die Department van Pos- en Telekommunikasiewese, plaaslike owerhede en sekere statutêre liggeme *verminderings* of voortgesette verminderings van personeel aangeteken. Inligting vir die vierde kwartaal van 1989 dui op toenames in die werkverskaffing by die sentrale regering, die Department van Pos- en Telekommunikasiewese en

Werkverskaffing in nie-landbousektore




bankinstellings en in die bouverenigingbeweging. Voortgesette verminderings van personeel het egter voorgekom by die meeste van die nywerhede wat ook reeds in die derde kwartaal personeelverminderinge getoon het, terwyl afdankings ook in die mynbou, die fabriekswese en die groothandel en by universiteite aangeteken is.

Die totale werkgeleenheid in die *private sektor* buite die landbou het in die eerste drie kwartale van 1989 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik -0,7, +0,1 en +2,0 persent verander; indien die handelsektor (waarvan die werkverskaffingsgewens nog bevestig moet word) uitgesluit word, het hierdie persentasieveranderings in die vier opeenvolgende kwartale van 1989 -1,4, -0,4, +1,2 en -2,0 persent bedra. Die relatiewe veranderings in die werkverskaffing in die private sektor in die eerste helfte van 1989 het derhalwe ongunstig vergelyk met dié van die *openbare owerhede*. Die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het in die eerste drie kwartale van 1989 ononderbroke toegeneem, naamlik teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 1,6, 1,8 en 1,0 persent, maar het in die vierde kwartaal teen 'n jaarkoers van 1,6 persent ingekrimp.

Dit wil voorkom asof die werkverskaffing in die fabriekswese, die konstruksiebedryf en elektrisiteitsopwekking, ná netto afdankings in die vierde kwartaal

Oortydure as persentasie van gewone ure gewerk



van 1989, in die eerste kwartaal van 1990 weer toegenem het.

Die verhouding van *oortydure* tot gewone ure gewerk het in die fabriekswese van die derde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 afgeneem. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding reeds sedert die tweede kwartaal van 1989 'n afwaartse neiging getoon.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde *werkloses* in die Blanke, Kleurling- en Asiérbevolkingsgroepe het van 'n laagtepunt van 45 400 in Januarie 1989 tot 51 400 in April toegeneem, maar het – in skynbare teenstryd met die afkoeling van die ekonomie – in Desember 1989 tot op sy laagste punt (42 000) van die afgelope vier jaar gedaal voordat dit weer tot 49 500 in Februarie 1990 toegeneem het.

Die seisoensaangesuiwerde *totale* aantal geregistreerde werkloses het per saldo van 'n laagtepunt van 109 900 in Februarie 1989 tot 125 700 in Desember toegeneem. Daarna het hierdie syfer egter, weer eens in kennelike teenstryd met die afkoeling van die ekonomie, tot 113 000 in Februarie 1990 teruggesak.

Die aantal werklose *Swart* werkers, soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname gemeet word, het in April 1989 'n laagtepunt van 734 000 bereik en kortstondig tot 791 000 in Mei toegeneem, maar in November 1989 tot 'n nuwe laagtepunt van 719 000 gedaal. Daarna het dit tot 725 000 in Januarie 1990 gestyg, wat aan ongeveer 10,7 persent van die geraamde Swart arbeidsmag gelykgestaan het.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die tempo waarteen die *nominale loon per werker* in die *private* sektor buite die landbou toegeneem het, het effens verlangsaam van 'n kwartaallikse gemiddelde koers van toename oor vier kwartale van 17,6 persent in die laaste drie kwartale van 1988 tot koerse wat in die eerste drie kwartale van 1989 16,6, 17,8 en 17,0 persent (en gemiddeld dus 17,1 persent) beloop het.

In teenstelling met hierdie effense verlangsaaming van die loonsverhogings in die private sektor, het die tempo van die verhogings van die nominale lone van werkers wat in diens van die *openbare owerhede* is, skerp versnel van koerse oor vier kwartale van slegs 9,1 en 8,4 persent in die laaste twee kwartale van 1988 tot koerse wat in die vier opeenvolgende kwartale van 1989 nie minder nie as 19,9, 17,7, 23,3 en 21,1 persent (met 'n gemiddelde van 20,4 persent) beloop het. As gevolg hiervan het die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon van *alle* werkers in die ekonomie buite die landbou gestadig van 14,6 persent in die laaste kwartaal van 1988 tot 17,6, 17,8 en 18,9 persent (met 'n gemiddelde van 18,1 persent) in die eerste drie kwartale van 1989 toegeneem. In vergelyking hiermee het die toename in die gemiddelde nominale loonvlak onder alle werkers buite die landbou van die jaar 1987 tot die jaar 1988 'n stygting van 15,6 persent getoon.

Opvallende kenmerke van die loonontwikkeling oor die eerste drie kwartale van 1989 het derhalwe in die eerste plek bestaan uit die algemene versnelling wat die koers van toename in die nominale loonpeil, ondanks die afname in die groeikoers van die reële ekonomie en ten spyte van die feit dat die toename in die vraag na nie-agrariese werkkrugte in 1989 meer gematigd was as in 1988, van 1988 tot 1989 aan die dag gelê het. In die tweede plek was die koerse van toename in die nominale lone wat deur die openbare owerhede betaal is, in 1989 – in teenstelling met die verloop van sake van 1985 tot 1988 – aansienlik hoër as die koerse van toename in die lone in die private sektor.

Die *reële* loon per werker in die ekonomie buite die landbou, wat van 1985 tot 1987 gedaal het, het in 1988 met 2,5 persent toegeneem en was in die eerste drie kwartale van 1989 3,1 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988. Op 'n kwartaalbasis het die koers van toename in die *reële* loon per werker oor vier kwartale van 1,9 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 3,6 persent, 2,6 persent en 3,1 persent in die eerste drie kwartale van 1989 gestyg.

Die *reële arbeidsproduktiwiteit* buite die landbou het van 1987 tot 1988 betreklik sterk (naamlik met 2,7 persent) verbeter. Die kwartaallikse koers van verandering in die produktiwiteit oor periodes van vier kwartale het egter in die loop van 1989 van +2,4 en +2,1 persent in die eerste en die tweede kwartaal tot -0,2 persent in die derde kwartaal teruggesak.

Die versnelling van die nominale loonsverhogings aan die een kant, en die meer sywaartse beweging en uiteindelike daling in die fisiese arbeidsproduktiwiteit aan die ander kant, het meegebring dat die koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* oor periodes van vier kwartale van 11,0 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 14,8 persent, 15,4 persent en 'n verontrustende 19,2 persent in die eerste drie kwartale van 1989 gestyg het. Op soortgelyke wyse en

om soortgelyke redes het die koers van toename in die *reële arbeidseenheidskoste* oor vier kwartale van 1,1 en 0,4 persent in die eerste twee kwartale van 1989 tot nie minder nie as 3,4 persent in die derde kwartaal versnel. Die gemiddelde vlak van die *reële arbeidseenheidskoste* was uit hoofde hiervan in die eerste drie kwartale van 1989 ongeveer 1,6 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988.


Inflasie

Die inflasiekoers, wat in die tweede kwartaal of teen die middel van 1989 hul jongste hoogtepunte bereik het, het in die tweede helfte van 1989 oor die algemeen aansienlik verbeter; hierdie verbetering is in die eerste twee of drie maande van 1990 voortgesit. Die matig afwaartse beweging (en die enkele taamlik meer dramiese verbeterings) van die meeste inflasiekoers vanaf die middel van 1989 het duidelik steun ontleen aan die fermer ondertoon en die betekenisvolle verstewiging wat die wisselkoers van die rand onderskeidelik in die derde en die vierde kwartaal van 1989 aan die dag gelê het, en aan die baie beperkte mate waarin die rand vervolgens in die eerste twee maande van 1990 verswak het. Die verheldering van die inflasietoneel gedurende hierdie tydperk het egter plaasgevind teen 'n agtergrond van versnellende nominale loonsverhogings en van stygende reële en nominale arbeidseenheidskoste. Hierbenewens is daar tot dusver ook nog vergelykenderwys min vordering gemaak met die verlaging van die koers van die inflasie in die *verbruikerspryse* – veral indien hierdie koers oor tydperke van twaalf maande gemeet word.

Die koers van toename in die prys van *ingevoerde goedere* van kwartaal tot kwartaal het (ná die jongste hersiening van die seisoensaansuiwing van die betrokke prysindeks, en ná omrekening tot jaarvlakke) van 'n hoogtepunt van nie minder nie as 26,8 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 14,1 persent in die derde kwartaal en tot so laag as 6,6 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Daarná het dit in die eerste kwartaal van 1990 egter weer effens tot 7,5 persent versnel. Die koers van toename in hierdie prys *oor tydperke van twaalf maande* het van 'n hoogtepunt van 19,3 persent in Junie 1989 tot 14,7 persent in Desember en tot 14,4 persent in Januarie 1990 afgeneem. Neteenstaande die effense verswakking van die ruiwalde van die rand in die eerste kwartaal van 1990, het hierdie koers vervolgens vinniger teruggesak, naamlik tot 10,1 persent in April; hierdie versnelde daling was tot op sekere hoogte egter slegs 'n statistiese weerspieëling van die skerp *styging* van die invoerpryse wat in die eerste paar maande van die *voorafgaande* jaar plaasgevind het.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *binnelandse geproduseerde goedere* het van 'n hoogtepunt van 18,1 persent, wat reeds in die eerste kwartaal van

Pryse



1989 bereik is, tot 16,0, 12,8 en 12,2 persent in die laaste drie kwartale van 1989 en tot 9,7 persent in die eerste kwartaal van 1990 teruggesak; laasgenoemde koers was op die laagste vlak wat in die afgelope ses jaar aangeteken is. Die koers van toename in hierdie prys *oor twaalf maande* het teen 'n meer gematigde tempo van 15,4 persent in Mei 1989 tot 11,3 persent in Maart gedaal en in April 1990 weer tot 12,0 persent versnel.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *totale produksieprysindeks* het tot by 'n hoogtepunt van 17,9 persent in die tweede kwartaal van 1989 versnel maar in die eerste kwartaal van 1990 nogal heel dramaties tot slegs 9,3 persent teruggesak; dit was die eerste keer sedert die eerste kwartaal van 1984 dat hierdie koers tot onder die dubbelsyfervlak gedaal het. Die koers van toename in die totale produksieprysindeks *oor periodes van twaalf maande* het in Mei 1989 sy hoogtepunt (van 15,8 persent) van die jaar bereik. Daarná het dit taamlik geleidelik tot 11,6 persent in sowel Maart as April 1990 afbeweeg.

Die inflasiekoers van kwartaal tot kwartaal in die *verbruikerspryse*, wat verdubbel het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van slegs 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot 18,4 persent in die tweede kwartaal van 1989, het in die vierde kwartaal van 1989 tot 13,3 persent verlangsaam maar in die eerste kwartaal van 1990 op teleurstellende wyse weer tot 14,7 persent versnel. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die koste van *verbruikersdienste* was oor die algemeen in die derde en die vierde kwartaal van

1989 laer as dié van die pryse van verbruiksgoedere en van die totale indeks. In die eerste kwartaal van 1990 het die koste van dienste egter – ondanks die feit dat die pryse van lewensmiddele teen 'n jaarkoers van 18,2 persent toegeneem het, teenoor 'n stygingskoers van slegs 5,5 persent in die eerste kwartaal van 1989 – weer eens vinniger as die algehele indeks toegeneem.

Die koers van toename in die verbruikersprysindeks oor periodes van twaalf maande het in Junie 1989 'n hoogtepunt van 15,7 persent bereik. Vanaf hierdie hoogtepunt het die koers van die inflasie in die verbruikerspryse vervolgens per saldo in slegs betreklik geringe mate tot 14,9 persent in sowel Februarie as Maart 1990 en tot 14,6 persent in April teruggesak. Die koers van toename in die pryse van lewensmiddele en in die koste van verbruikersdienste het ook tot en met April verlangsaam ten spyte van die feit dat, andersyds, die pryse van (onder andere) verskeie soorte suwelprodukte, en, andersyds, die koste van huiseienaarskap, onlangs weer groot stygings getoon het.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Die gegewens van die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans is aanmerklik beïnvloed deur die herklassifikasie van Namibië as deel van die res van die wêreld in plaas van as deel van die binelandse Suid-Afrikaanse ekonomie. Die hersiene statistiek wat uit hierdie herklassifikasie voortgevloei het, toon dat die kwartaallikse oorskot op die Suid-Afrikaanse lopende rekening, ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers, in die eerste twee kwartale van 1989 'n gemiddelde vlak van R1,4 miljard (in plaas van R2,3 miljard) bereik het en vanaf R5,2 miljard in die derde kwartaal van 1989 tot R4,4 miljard in die vierde kwartaal teruggesak het (in plaas daarvan dat dit marginaal van R5,8 miljard tot R5,9 miljard gestyg het). Die oorskot op die lopende rekening het, nadat Namibië uit die statistiek verwyder is, gedurende 1989 in sy geheel R3,1 miljard in plaas van R4,1 miljard beloop.

In die eerste kwartaal van 1990 het die oorskot op die lopende rekening (weer eens ná uitskakeling van Namibië) 'n verdere verbetering getoon vanaf die vlakte waarop dit in die derde en vierde kwartaal van 1989 te staan gekom het, tot by 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van nagenoeg R5,6 miljard. Hierdie verdere verstewiging van die saldo op die lopende rekening was 'n weerspieëling van 'n hernieuwe toename in die goedere-uitvoerverdienstes en van 'n aansienlike daling in die netto dienste- en oordragbetelings aan nie-inwoners vanaf die ongewoon hoë vlak wat in die vierde kwartaal van 1989 ten opsigte van hierdie betelings aangeteken is. Gesamentlik het hierdie twee positiewe ontwikkelings meer as vergoed vir 'n aanmerklike daling in die waarde van die netto gouduitvoer en 'n matige hernieuwe toename in die waarde van die goedere-invoer.

Die waarde van die goedere-uitvoer het van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 met bykans 8 persent gestyg. Dit was geheel en

Lopende rekening van die betalingsbalans¹


Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljoene


	1989				1990
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Goedere-uitvoer	34 842	42 866	39 986	38 646	39 085
Netto gouduitvoer	18 970	18 150	19 670	20 122	19 228
Goedere-invoer	-41 519	-48 560	-44 841	-42 368	-44 322
Netto dienste- en oordragbetelings	-10 640	-11 293	-9 628	-11 971	-10 883
Saldo op lopende rekening	1 653	1 163	5 187	4 429	3 108
					5 577

¹ Uitsluitende Namibië.

Betalingsbalans



Reële goedere-invoer en -uitvoer



al 'n geval van verhoogde uitvoerhoeveelhede, in die besonder van minerale, papier en papierprodukte en tekstielgoedere. Nadat die omvang van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer in die derde kwartaal van 1989 in ligte mate teruggesak het, het dit in die eerste kwartaal van 1990 in werklikheid 'n nuwe rekordvlak bereik wat ongeveer 2½ persent hoër was as die fisiese hoeveelhede van die goedere-uitvoer in die tweede kwartaal van 1989 en 'n baie indrukwekkende 7½ persent hoër was as die laagtepunt tot waarop die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal van 1986 gedaal het.


Die gemiddelde prysvlak van die Suid-Afrikaanse uitvoer, in die binnelandse geldeenheid uitgedruk, het van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 geen verandering getoon nie. Dit was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van die feit dat die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand van die eerste tot die tweede van hierdie twee periodes feitlik konstant gebly het; hierbenewens is 'n verswakkking in die prys van sekere onedele metale soos koper, ferro-chroom en nikkel op die internasionale metaalbeurse, deur hoër uitvoerpryse vir edelmetale en steenkool goedemaak.

Die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het aansienlik (naamlik met 14 persent) teruggeval van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van na-

genoeg R12,0 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R10,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990; die syfer vir die eerste kwartaal was in werklikheid selfs effens laer as die kwartaallikse gemiddelde van die netto dienste- en oordragbetalings in die loop van 1989. Ingeluit by die daling in hierdie pos op die lopende rekening van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 was 'n afname in die bruto dienstebetalings sowel as 'n toename in die bruto dienste-ontvangste. Die bruto dienstebetalings het hoofsaaklik gedaal as gevolg van laer rente- en dividendbetalings aan buitelanders, wat self gedeeltelik weer 'n weerspieëling was van die minder florisante finansiële resultate wat Suid-Afrikaanse maatskappye vanaf die tweede helfte van 1989 openbaar gemaak het. Die bruto dienste-ontvangste het gestyg as gevolg van groter verskaffing van vervoerdienste, hoër dividendbetalings deur oorsese maatskappye aan hul Suid-Afrikaanse aandeelhouers, en hoër reisen- en toerismebedeknings deur nie-inwoners in Suid-Afrika.

Die daling van 11½ persent in die waarde van die netto gouduitvoer van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 is meer as ten volle verklaar deur 'n afname in die fisiese goudproduksie, wat self weer voortgespruit het uit 'n daling in die vergrijsingsbedrywigheid sowel as in die gemiddelde goudgehalte van die vergrijsde erts. Op sy seisoensaangesuiwerde jaarvlak van R17,8 miljard was die waarde van die netto gouduitvoer in die eerste kwartaal van 1990 in werklikheid laer as in enige kwartaal sedert die tweede kwartaal van 1987; die fisiese omvang van die

Produksiepryse



kwartaallikse goudproduksie was op sy laagstevlak sedert die derde kwartaal van 1987, toe die goudmynboubedryf deur wydverspreide arbeidsonrus gekortwiek is.

Die gemiddelde *randprys* van goud, soos dit van die Londense goudprysvasstellings afgelei word, het van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 met sowat 2 persent van R1 024 per fyn ons tot R1 045 gestyg. In VSA-dollars het die goudprys van 'n gemiddelde van \$390 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1989 tot \$407 in die eerste kwartaal van 1990 verstewig. Die dollarprys van goud het egter in die laaste week van Maart, en weer in die laaste paar dae van Mei en die begin van Junie, skerp teruggesak tot 'n tweemaandelikse gemiddelde van \$372 per fyn ons in April-Mei en tot 'n daagliks gemiddelde vasstellingsprys per fyn ons van \$353 op 7 Junie 1990. Die gemiddelde *randprys* van goud het in April-Mei R985 per fyn ons bedraa.

Die waarde van die *goedere-invoer* het van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990, as gevolg van effense toenames in die ingevoerde hoeveelhede sowel as in die invoerpryse, 'n matige toename getoon (wat nie ten volle 3 persent beloop het nie). Die *fisiese omvang* van die goedere-invoer het na twee kwartale van hoeveelheidsdalings met bykans 1 persent gestyg; die vlak van die invoer volgens die hoeveelheid daarvan was in die eerste kwartaal van 1990 nietemin nog steeds 12½ persent laer as die hoogtepunt wat in die tweede kwartaal van 1989 aangeteken is. Verhoogde hoeveelhede van die invoer is in die besonder in die klasse masjinerie en elektriese toerusting en chemiese produkte aangeteken.


Die gemiddelde *prysvlak* van die invoer, wat in die vierde kwartaal van 1989 matig (naamlik met 2 per-

sent) gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1990 'n soortgelyke klein styging (eweneens van 2 persent) getoon. Ingeluit by hierdie klein prystoename was 'n effense verstewiging van die internasionale ruolie-pryse; verdere prysstygings is egter deur die betreklik stabiele gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste kwartaal van 1990 en deur die betreklik lae inflasiekoerse in die meeste handelsvennuolande teruggehou. Dit lyk waarskynlik dat die relatiewe prysdaling van ingevoerde goedere teenoor binnelands geproduseerde goedere vanaf ongeveer die middel van 1989 tot op sekere hoogte groter invoerhoeveelhede aangemoedig het.

Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het in die eerste kwartaal van 1990 aansienlik verbeter. Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, het van meer as R1,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 (en van 'n kwartaallikse gemiddelde van ongeveer dieselfde omvang in die loop van 1989) tot R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1990 terug-

Netto kapitaalbewegings



Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1989				1990	
	1ekw	2ekw	3ekw	4ekw	Jaar	
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-313	-143	-170	-20	-646	-206
Openbare korporasies	124	316	-62	58	436	473
Private sektor	-213	-899	413	-321	-1 020	-1 204
Totale langtermynkapitaal	-402	-726	181	-283	-1 230	-937
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-1 020	-555	-711	-829	-3 115	531
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-1 422	-1 281	-530	-1 112	-4 345	-406

gesak. Dit was die kleinste sodanige uitvloeiing sedert die eerste kwartaal van 1987.

Die verbetering van R0,7 miljard in die omvang van die uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990, is meer as ten volle verklaar deur 'n "swaai" van meer as R1,3 miljard (van 'n uitvloeiing van R0,8 miljard tot 'n invloeiing van R0,5 miljard) in die netto beweging van *korttermynkapitaal* (waarby onaangetekende transaksies ook ingesluit is) tussen hierdie twee kwartale. Die netto invloeiing van korttermynkapitaal in die eerste kwartaal van 1990 het gevvolg op netto uitvloeiings van sodanige kapitaal (tot 'n totale bedrag van R9,9 miljard) gedurende 'n ononderbroke tydperk van nege kalenderkwartale wat in die vierde kwartaal van 1987 begin het. 'n Gedeelte van die invloeiing van korttermynkapitaal in die eerste drie maande van 1990 het uit 'n toename in handelsverwante buitelandse laste bestaan.

In teenstelling met hierdie aanmerklike verbetering van die posisie met betrekking tot korttermynkapitaal, het die uitvloeiing van *langtermynkapitaal* van R0,3 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R0,9 miljard in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem. Dit was die grootste sodanige uitvloeiing wat sedert die vierde kwartaal van 1986 voorgekom het. Die betrokke toename in die totale uitvloeiing van langtermynkapitaal is in oorweldigende mate verklaar deur kapitaalbewegings van die private sektor, en meer in die besonder deur groter netto verkope deur nie-inwoners van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word (wat egter, onder die finansiële-randstelsel, uiteraard nie tot 'n verlies aan bruto buitelandse reserwes lei nie). Hierbenewens het openbare owerhede egter ook verhoogde netto terugbetelings gemaak op skuld buite die stilstandsnet. In teenstelling hiermee was die openbare korporasies in die eerste kwartaal van 1990 vir die tweede opeenvolgende kwartaal weer netto invoerders van buitelandse kapitaal. Die netto bedrag


aan buitelandse langtermynkapitaal wat deur die openbare korporasies (in die vorm van projekfinansiering) in die eerste drie maande van 1990 opgeneem is, was in werklikheid groter as die totale bedrag wat hulle in die hele jaar 1989 aan netto nuwe buitelandse lenings in Suid-Afrika ingebring het.

Buitelandse reserwes


Die aanmerklike verbetering in die stand van die kapitaalrekening van die betalingsbalans het, tesame met die volgehoud oorskotte op die lopende rekening, meegebring dat die Suid-Afrikaanse totale *netto* goud- en ander buitelandse reserwes in die eerste kwartaal van 1990 met R1,9 miljard gestyg het. Dit het gevvolg op 'n *daling* in die netto reserwes van R1,2 miljard gedurende die jaar 1989. Die aansienlike verstewiging van die globale betalingsbalansposisie het die Suid-Afrikaanse banksektor in staat gestel om sy reserweverwante buitelandse laste in die eerste kwartaal van 1990 met R0,9 miljard te verminder. Ten spye van hierdie skuldterugbetelings het die Suid-Afrikaanse totale *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes in die eerste kwartaal nog steeds met R0,9 miljard, naamlik van R6,9 miljard aan die einde van Desember 1989 tot R7,8 miljard aan die einde van Maart 1990, toegeneem; die bruto reserwes soos aan die einde van Maart 1990 het gelykgestaan aan bykans 2½ maande se invoer van goedere en aan ongeveer 1½ maande se invoer van sowel goedere as dienste.

In April 1990 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die *Reserwebank* met R429 miljoen gedaal. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan terugbetelings op buitelandse lenings wat, ooreenkomsdig die bepalings van die Eerste Tussentydse Reëlings wat in 1986 met die buitelandse krediteurbanke aangegaan is, tot langer-termynlenings "geher-skeduleer" is, asook aan die heronderhandeling van goudruiloooreenkomsste met oorsese banke teen laer

Goud- en ander buitelandse reserwes



Wisselkoerse



arie 1990, maar in die daaropvolgende weke skerp verswak namate nugterder beskouings van die huidige en toekomstige maatskaplik-politieke toestand weer die oorhand gekry het. Op 2 April is die finansiële rand genoteer op R4,19 teen die dollar; dit het 'n diskonto teenoor die kommersiële rand beteken van 36,3 persent. Op 29 Mei het die diskonto van die finansiële rand teenoor die kommersiële rand op 32,0 persent te staan gekom, in vergelyking met die diskonto van 19,2 persent wat op 6 Februarie aangeteken is.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand %

	31 Des 1988 tot 31 Des 1989	31 Des 1989 tot 28 Feb 1990	28 Feb 1990 tot 31 Mei 1990
Geweegde gemiddelde	-4,3	-1,1	-3,8
VSA-dollar	-6,7	-0,3	-3,7
Britse pond	4,2	-5,1	-4,5
Duitse mark	-11,8	-0,1	-4,9
Switserse frank	-5,1	-3,8	-8,6
Japanse yen	6,3	3,3	-2,1
Franse frank	-11,6	-1,0	-5,4
Finansiële rand	6,8	-2,3	-5,3

goudprys. Die Reserwebank se *goudbesit* het van 3,1 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1989 tot 3,6 miljoen fyn onse aan die einde van April 1990 toegeneem.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand, wat van die einde van 1989 tot die einde van Februarie 1990 effens (naamlik met 1,1 persent) afwaarts gesweef het, het gedurende Maart met 2,5 persent gedaal maar gedurende April in wese op sy nuwe laervlak bestendig gebly. Gedurende Mei het die effektiewe wisselkoers met 'n verdere 1,0 persent verswak. Benewens ander ontwikkelings, was hierdie matige verswakking van die rand 'n weerspieëling van die sterkte van die Amerikaanse dollar op die internasionale valutamarkte en van die heelwat laervlak van die dollarprys van goud wat vanaf laat in Maart 1990 in die mark geheers het. Gedurende die eerste vyf maande van 1990 het die rand teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheide gedepresieer maar met 1,0 persent teenoor die Japanse yen verstewig.

Die *finansiële rand* het, gedeeltelik op grond van die rede wat die Staatspresident by die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990 gelewer het, aanmerklik verstewig, naamlik tot R3,13 per dollar op 6 Febru-

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die ongelykmatige en taamlik stadige verlangsaming van die koers van toename in die M3-geldvoorraad, wat in die derde kwartaal van 1988 begin het en in 1989 gehandhaaf is, het in die eerste paar maande van 1990 voortgeduur. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die groei van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddelde van M3 (nadat Namibië uit die monetêre statistiek verwijder is) het van sy hoogtepunt van 28,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot slegs 20,7 persent in die tweede kwartaal van 1989 teruggesak, maar vervolgens weer tot 26,7 persent in die derde kwartaal opgeskiet. Daarna het dit tot 21,4 persent in die laaste kwartaal van 1989 en tot 19,0 persent in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem.

Die groeikoers van M3 oor twaalf maande het van sy hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 per saldo tot 22,4 persent in Desember 1989 teruggesak. Ná 'n ligte herversnelling in Januarie 1990 en 'n verlangsaming in Februarie, het hierdie koers in Maart 1990 op 20,0 persent te staan gekom, maar in April weer tot 21,7 persent gestyg; die herversnelling van hierdie koers in April kon egter grotendeels aan die abnormaal laevlak van M3 in April 1989 toegeskryf word.

Die netto inkrimping van sowat ses persentasiepunte wat die koers van toename in M3 oor twaalf maande van September 1988 tot April 1990 – dit wil sê oor 'n tydvak van 20 maande – aan die dag gelê het, kan gekontrasteer word met die daling van meer as tien persentasiepunte (naamlik van 19,5 tot 9,4 persent) wat hom oor 'n vergelykbare periode van 20 maande gedurende die vorige konjunkturele verlangsaming van die tempo van die monetêre uitbreiding vanaf Desember 1984 in hierdie groeikoers voorgedoen het. Dit sal egter onthou word dat hierdie vroeëre monetêre verlangsaming grotendeels plaasgevind het teen 'n agtergrond van sterk resessietoestande in die algemene ekonomie en van 'n baie vinnige verlaging van die korttermynrentekoerse.

Indien die bedrae van die banke se verpligtings (nie ook die diskontohuise se verpligtings nie) uit hoofde van terugkoopooreenkomste met teenparty in die private sektor wat nie banke is nie, by M3 ingetel word, verskil die verloop van die koers van toename in hierdie verruimde M3-begrip oor periodes van twaalf maande slegs in fyner besonderhede van dié van die betrokke groeikoers van M3 self. Die koers van toename in hierdie "M3-plus"-grootheid het van 'n hoogtepunt van 26,9 persent in Augustus 1988 tot 23,0 persent in Desember 1989 en tot 20,1 persent in April 1990 afgeneem.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 vanaf die veronderstelde beginpunt (middel-November 1989) van die "riglyne" vir die groei in die

M3-geldvoorraad vir 1990 tot aan die einde van April 1990, het op 15,5 persent te staan gekom. Hierdie toenamekoers het die boonste grens van die riglyne (van 15 persent) dus slegs in geringe mate oorskry.

Selfs op die ietwat meer gematigde onlangse vlakte daarvan, het die koers van toename in die kwartaallikse gemiddelde van M3 van kwartaal tot kwartaal die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse van kwartaal tot kwartaal nog steeds te bove gegaan. Die inkomme-omloopsnelheid van M3 (wat gedurende die nege kwartale sedert die mees onlangse boonste draapunt in die omloopsnelheid van M3 in die derde kwartaal van 1987 gemiddeld met 1,4 persent per kwartaal gedaal het) het gevoldlik gedurende die eerste kwartaal van 1990 met 'n verdere 1,7 persent afgeneem. Die totale daling van 13,6 persent in die omloopsnelheid van M3 van die derde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1990 kan vergelyk word met die toename van 72,5 persent wat oor hierdie periode in die kwartaallikse gemiddelde van M3 self (ná seisoensaansuiwing) aangeteken is.

Die feit dat die groei in M3 die groei in die nominale bruto binnelandse produk en besteding (en derhalwe vermoedelik ook in die *transaksiebehoefte* aan geldsaldo's) oorskry het, is oor die afgelope twee jaar in die eerste plek toegeskryf aan herintermediasieverskynsels en aan toenames in die "egte likwiditeitsvoorkur" van die nie-bank-private sektor. Herintermediasie neig om homself voor te doen in periodes waarin die kredietvraag sterk is, die rentekoerse besig is om te styg, en die verskille tussen die banke se uitleen- en depositokoerse besig is om in samehang daarmee kleiner te word; herintermediasieverskynsels is waarskynlik in die laaste tyd verder aangemoedig deur die owerhede se beperkende beleidsmaatreëls van die afgelope paar kwartale en deur die stramheid van die geldmarktoestand wat met hierdie beleidsmaatreëls gepaard gegaan het.

"Echte likwiditeitsvoorkur" berus op verwagtings van stygende rentekoerse (wat kapitaalverliese op vaste-rentedraende effekte beteken) en op rentekoersonsekerheid (wat die kapitaalrisiko van vaste-rentedraende effekte hoër laat lyk). Verwagtings van stygings in die rentekoerse en rentekoersonsekerheid het waarskynlik onderskeidelik in 1988 en die eerste deel van 1989 en in die laaste deel van 1989 en die begin van 1990 'n belangrike rol gespeel in die algemene publiek (waarby byvoorbeeld ook die groot institutionele beleggers ingesluit is) se vraag na deposito-beleggings.

Ander faktore wat oor die afgelope aantal kwartale waarskynlik die vraag na deposito's, soos by M3 ingesluit, versterk het, het onder andere bestaan uit (1) die vergelykenderwys hoë rentekoerse wat met name op deposito's aan die baie kort kant van die looptydspeltrum verdien kon word; (2) die geleidelike verdere uitkringing van die oortuiging dat positiewe reële rentekoerse voortaan deur die monetêre owerhede gehand-

haaf sal word; en (3) die minder eensydig-opwaartse verloop van die aandelepryse op die effektebeurs in die vierde kwartaal van 1989 en daarná, en die traer en meer weifelende opwaartse neiging in die pryse van vaste eiendom.

"Uit-en-terugbewegings" van fondse ("leen-deponering", "round-tripping") kon eweneens by tye in die stram geldmarktoestande teen die einde van 1989 en in die begin van 1990 'n beduidende rol gespeel het as 'n bron van versnelde toenames in die M3-geldvoorraad. Uit-en-terugbewegings van fondse – dit wil sê 'n toedrag van sake waarvolgens fondse van 'n bank of ander monetêre instelling geleent word *met die doel* om weer by dieselfde of 'n ander bank of monetêre instelling gedeponeer te word – kom neer op 'n uiterste vorm van intermediasie of herintermediasie. Dit ontstaan wanneer die normale verwantskappe tussen die uitleenkoerse en die depositokoerse van finansiële tussenangers omgekeer raak, soos wanneer die interbank- en daggeldkoerse in die geldmark oor maand einde in werklikheid die prima-oortrekingskoerse van die handelsbanke begin oorskry. Dit was veral aan die einde van Januarie 1990 die geval.

In 'n poging om die gemiddelde koste van die befondsing van hul bateportefeuilles te verlaag, het sekere banke en diskontohuise op verskillende tye in die loop van 1989 in sterk verhoogde mate hul toevlug geneem tot terugkoopooreenkoms as 'n vorm van finansiering-buite-die-balansstaat; sodanige opsetlike finansiering-buite-die-balansstaat dien as 'n gedeeltelike teenwig teen herintermediasieverkynsels. Op 24 April 1990 het die Reserwebank egter aangekondig dat kontantreserwe- en likwiedebatevereistes van toepassing gemaak sou word op die bedrag waarmee die banke se verpligtings uit hoofde van terugkoopooreenkoms die bedrag van sodanige verpligtings soos aan die einde van Februarie 1990 oorskry. (Hierdie vereistes sou vanaf die datum van die banke se sertifisering van hul maandopgawes vir Mei 1990 van krag word. Waar van toepassing, sou hulle dus vanaf omstreeks 21 Junie 1990 in die banke se minimum vereiste besit aan likwiede bates en aan kontantreserwesaldo's by die Reserwebank weerspieël word.) Die belangrikste oogmerk van hierdie maatreël, wat vooruitloop op die inwerkingstelling van ter sake dienende bepalings in die Wetsontwerp op Depositonemende Instellings, was om die banke se besit aan reserwebates uit omsigtigheidsoorwegings en in die belang van gesonde bankprakteke te versterk. Die Reserwebank se optrede op hierdie gebied het dus nie 'n verskuiwing in die Bank se monetêre-beleidsingesteldheid beteken nie.

Die koers van toename in die "eng" monetêre totale, M1A en M1, van kwartaal tot kwartaal en oor periodes van twaalf maande het in die loop van 1989 en die eerste vier maande van 1990 deurgaans heelwat laer gebly as die koers van toename in M3. Die groeikoers van M1A oor twaalf maande (en in mindere mate ook

Groe in breë monetêre totale




die groeikoers van M2) het oor hierdie tydperk van sestien maande ook vinniger as die groeikoers van M3 afgeneem.

Van Desember 1988 tot April 1990 het die koers van toename in M3 oor twaalf maande per saldo van 27,2 tot 21,7 persent gedaal; die koers van toename oor twaalf maande in M1A, M1 en M2 het per saldo onderskeidelik van 25,0 tot slegs 13,8 persent, van 22,7 tot 20,0 persent, en van nie minder nie as 35,1 persent tot 23,9 persent afgeneem. Die groeikoerse oor twaalf maande van die "eng" totale, M1A en M1, het egter ook aansienlike onbestendigheid in die kort termyn en skynbare wispelturigheid aan die dag gelê. Die groeikoers oor twaalf maande van M1 het byvoorbeeld in werklikheid per saldo tot 26,5 persent in Januarie 1990 gestyg voordat dit weer tot 20,0 persent in April teruggesak het.

Die aanmerklike daling in die koers van toename oor twaalf maande in M1A van Desember 1988 tot April 1990 was 'n weerspieëling van die afnemende groei in die vraag na geldsaldo's vir gebruik in *transaksies*. Aangesien belangrike bestanddele van M1A geen rente verdien nie, kon dit ook 'n weerspieëling gewees het van 'n geleidelik verder deurgevoerde "besuiniging" op vorms van geldbesit wat geen rente nie of slegs lae rente verdien, in 'n algemene milieu waarin die korttermynrentekoerse vergelykenderwys hoog was.

Hierteenoor is 'n belangrike deel van die vergrote geldbesit van private beleggers oor die afgelope aantal kwartale in rentedraende daggeld- en oornagdeposito's gekonsentreer. Hierdie deposito's het vergelykenderwys hoë rente getrek en dien ook as die belangrikste dratuig vir die uit-en-terugbeweging van fondse wanneer sodanige uit-en-terugbewegings wel voor-

Monetêre totale



kom. Hierin lê die verklaring waarom M1 oor die afgelope aantal kwartale in verhouding tot M1A vergelykenderwys vinnig toegeneem het.

Onder die meer omvattende monetêre totale het herintermediasieverkynsels en die verhoogde egte likwiditeitsvoorkoer van die afgelope 2½ jaar, en hoe korttermynrentekoerse op 'n opbrengskromme wat aan die kort kant van die looptydspiektrum 'n negatiewe helling getoon het, tot uiting gekom in 'n verhoogde vraag na "ander kort"- en middeltermyn-deposito's (waarby alle deposito's met onverstreke looptye van meer as een dag tot en met ses maande ingesluit is). Soos reeds by vorige geleenthede opgemerk is, het dit verklaar waarom M2 in verhouding tot M1 vergelykenderwys baie vinnig gegroei het. Om dieselfde rede kon die feit dat die groei oor twaalf maande in M2 oor die afgelope paar kwartale vinniger as die groei in M3 gedaal het, moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die geleidelik afnemende belangrikheid van die egte likwiditeitsvoorkoer en van herintermediasieverkynsels in 'n milieu waarin die rentekoerse groter bestendigheid getoon het.

Die belangrikste teenhanger, rekeningkundig beskou, van die seisoensaangesuiwerde bedrag van R5,1 miljard waarmee M3 van die einde van Desember 1989 tot aan die einde van Maart 1990 toegeneem het, was 'n toename van R4,3 miljard in die kredietverlening van die monetêre instellings aan die binne-landse private sektor. Die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor, wat in die loop van 1989 met R2,7 miljard gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1990 met 'n verdere R0,6 miljard afgenem. As gevolg van groot stygings in die regeringsdeposito's by die bankstelsel het die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor aan die einde van November 1989 in werklikheid *negatief* geword en aan die einde van Januarie 1990 op 'n negatiewe bedrag (voor seisoensaansuiwering) van nie minder nie as R2,4 miljard te staan gekom. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die geldskeppende sektor het in 1989 met R1,2 miljard gedaal, maar in die eerste kwartaal van 1990 met nie minder nie as R1,3 miljard toegeneem.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddelde van die eise van die monetêre instellings teen die private sektor het aanmerklik van sy hoogtepunt van 33,2 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 22,8 persent in die vierde kwartaal van 1989 en tot 16,9 persent in die eerste kwartaal van 1990 teruggeval. Die koers van toename in hierdie eise oor periodes van twaalf maande het van 28,6 persent in Desember 1988 tot 20,6 persent in Desember 1989 en tot 17,7 persent in Maart 1990 verlangsaam.

Van die *einde* van Desember 1989 tot die *einde* van Maart 1990 het die eise van die monetêre instellings

Eise van monetêre instellings teen binnelandse private sektor




teen die private sektor teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 12,3 persent gestyg. Hierdie stygingskoers was in werklikheid effens laer as die maksimum groeikoers (nadat dit tot 'n jaarvlak verhef is) van 1 persent per maand wat kragtens die Reserwefond se versoek deur die geldskeppende instellings in ag geneem behoort te word. Dit was ook beduidend laer as die onlangse koerse van stygging oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks.

Hierdie nogal heel indrukwekkende verlangsamings (wat die tempo van die kredietverlening nietemin nog steeds op 'n taamlik hoë vlak gelaat het) het bewys gelewer van die kumulatiewe uitwerking van die hoë rentekoerse en van die algemene afkoeling van die ekonomie, asook van die geleidelike inkrimping van ongebruikte kredietfasilitate, die banke se minder tegemoetkomende houding by die oorweging van nuwe kreditaansoeke, die afnemende belangrikheid van tydelike kredietopname-uit-nooddrif (veral in die geval van korporatiewe leners), en die verhoogde huiverigheid van huishoudings om hul verbruikerskuld nog verder uit te brei.

Van die einde van Maart 1989 tot die einde van Maart 1990 het die "wissels verdiskonter" in die portefeuljes van die monetêre instellings nog met 'n aansienlike 39,7 persent toegeneem, namate hierdie instellings gepoog het om hul werklike likwiedebate-

Veranderings in huurkoop- en bruukhuurkrediet



besit ooreenkomstig die wetlik vereiste minima uit te brei; die *private banke* se besit aan likwiede bankakkas se het in werklikheid met nie minder nie as 44,9 persent toegeneem. Huurkoopkrediet en bruukhuurfinansiering, en monetêre instellings se besit aan verbandvoorskotte, het met onderskeidelik 23,2 en 17,2 persent gestyg. "Ander" lenings en voorskotte (wat hoofsaaklik uit oortrokke rekeninge bestaan) het met 16,1 persent toegeneem; 'n stygende deel van die toename in hierdie voorskotte is aan korporatiewe kliënte eerder as aan huishoudings en individue toegestaan. In teenstelling hiermee het die monetêre instellings se beleggings in effekte van die private sektor met nie minder nie as 26,0 persent afgeneem, gedeeltelik as weerspieëeling van die feit dat hierdie effekte as die onderliggende waardebewyse in terugkoopooreenkomsste gebruik word.

Verlangsamings van huishoudings se aankope van duursame verbruiksgoedere en van die vaste-investeringsbedrywigheede van private sakeondernemings is weerspieël in die feit dat die kwartaallikse toename in die uitstaande huurkoop- en bruukhuurfinansiering van die monetêre instellings van ongeveer R1,4 miljard in elk van die eerste drie kwartale van 1989 tot R1,0 miljard in die vierde kwartaal van 1989 en tot R0,8 miljard in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem het. Die kwartaallikse toename in die monetêre instellings se totale besit aan verbandvoorskotte het op soortgelyke wyse van omstreeks R2,5 miljard in die eerste twee kwartale van 1989 tot ongeveer R1,8 miljard en R1,9 miljard in die derde en die vierde kwartaal en tot R2,1 miljard in die eerste kwartaal van 1990 verminder.

Agterstallige lenings en voorskotte by banke



"Agterstallige" bedrae op die leningsrekeninge van die banke se debiteure, wat van 2,3 persent van die totale leensom aan die einde van Desember 1986 tot slegs 0,4 persent aan die einde van Desember 1989 ingekrimp het, het in ligte maar betekenisvolle mate tot 0,5 persent aan die einde van Maart 1990 gestyg.

Toestand in die geldmark

Die toestand in die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoeftes aan Reserwebankakkomasie gemeet word, het, in vergelyking met die eerste vyf maande van die vorige jaar, dwarsdeur die eerste vyf maande van 1990 stram gebly, maar ná die einde van Januarie 1990 tog 'n effens ruimer vooroms begin toon. Die gemiddelde daaglikske peil van die Bank se akkommadasie van die mark by die diskontovenster het van R3,8 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R4,8 miljard in Januarie gestyg; van daar af het dit tot bedrae van onderskeidelik R3,9 miljard, R3,9 miljard, R3,5 miljard en R2,8 miljard in Februarie, Maart, April en Mei teruggesak.

Die bedrag van die akkommadasie by die diskontovenster oor maandeindes het, nominaal gespreek, aan die einde van Januarie 1990 op 'n ongeëwenaarde hoogtepunt van R5,5 miljard te staan gekom. Dit is oor die maandeindes van Februarie tot Mei deur bedrae van R5,0 miljard, R4,7 miljard, R4,0 miljard en R3,6 miljard gevolg.

Akkommadasie aan die banke in die vorm van *oornaglenings* by die diskontovenster oor maandeindes het aan die einde van Februarie 1990 R1,4 miljard beloop en aan die einde van Maart op 'n rekordbedrag van R2,7 miljard te staan gekom (wat 'n aanduiding was van 'n aanmerklike gebrek aan herdiskonterbare likwiede bates). Hierdie bedrag het vervolgens tot R1,2 miljard aan die einde van April en tot R0,8 miljard aan die einde van Mei teruggesak. Die maandelikse gemiddelde van die daaglikske bedrae van hierdie lenings

het van 'n hoogtepunt van R1,0 miljard in Maart 1990 tot slegs R0,1 miljard in Mei ingekrimp.

Vanaf die eerste deel van Januarie 1990 tot ongeveer die middel van Maart het aansienlike toenames in die Reserwebank se netto besit aan goud en ander buitelandse reserwes 'n verruimende invloed op die geldmarktoestand uitgeoefen. Op grond van die Bank se beleidsingesteldheid en beleidsbedoelings is hierdie invloed vanaf 23 Februarie gedeeltelik deur die Bank se instelling van dollar-ruiloooreenkoms met die groot banke teengewerk. Ingevolge die hierby betrokke reëlings word dollars wat die Reserwebank aan die banke as gemagtigde valutahandelaars verkoop het, weer deur die banke by die Reserwebank gedeponeer; hierdie dollars word dan later deur die Reserwebank teruggekoop teen voorafvasgestelde wisselkoers wat vir die banke 'n markverwante rentekoers verseker.

'n Verruimende invloed op die geldmarktoestand het ook uitgegaan van die dalende neiging in die regeringsdeposito's by die Reserwebank namate hierdie deposito's weer afwaarts beweeg het van die buitenewoon hoë peil van R13,5 miljard waarop dit op 25 Januarie 1990 te staan gekom het. Die maandelikse gemiddelde van die daaglikske totale van die saldo's op die Skatkisrekening, die Betaalmeester-Generaalrekening en die Stabilisasierekening het van R12,1 miljard en R12,2 miljard in Januarie en Februarie 1990 tot R11,0 miljard in Maart, R10,0 miljard in April en R9,9 miljard in Mei gedaal.

Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het in April-Mei 1990 R3,5 miljard beloop, teenoor R1,7 miljard in April-Mei 1989. Op 15 Mei 1990 is 'n bedrag van R1,3 miljard aan staatseffekte deur die Tesourie afgelos; opemarkverkope van staatseffekte en ander maatreëls is deur die Reserwebank aangewend om 'n oormatige verruiming van die geldmarklikwiditeit as gevolg van hierdie aflossing te verhoed.


Die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied word, is op 30 Maart 1990 tot R40 miljoen, vanaf 7 April tot R50 miljoen, vanaf 11 Mei tot R70 miljoen en op 15 Junie tot R100 miljoen verhoog.

Geldmarkrentekoerse


Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande, wat tot 18,70 persent op 30 Januarie 1990 verstewig het, het tot 18,50 persent op 6 Februarie gedaal en vervolgens verder afbeweg tot 18,30 persent op 22 Maart. Vanaf laat in Maart tot die middel van Junie 1990 het hierdie koers 'n hoë mate van bestendigheid getoon waarby dit binne enge grense van 18,30 tot 18,50 persent geskommel het.

Die daggeldkoers van die diskontohuise het in die stram geldmarktoestand aan die einde van Januarie 1990 tot 21,25 persent verstewig, wat uit-en-terugplasings van fondse deur groot kliënte van bankinstellings tot gevolg gehad het. Oor die maandeindes van Februarie, Maart, April en Mei het die daggeldkoers

Reële prima uitleenkoerse



Effektebeurstransaksies



meer gematigd tot peile van 20,00; 20,25; 21,00 en 20,75 persent gestyg. Namate daar 'n krimpende waarskynlikheid toegeskryf is aan die moontlikheid dat die Bankkoers en die Reserwebank se stel verwante akkommodasiekoste binne die eersvolgende aantal maande verder verhoog sou word, het die koers op geldmarkinstrumente marginaal afwaarts beweeg.

'n Ondersoek na die "reële" (of "inflasie-aangesuiwerde") prima-uitleenkoerse in sekere uitgesoekte lande (wat bereken is deur die koers van die inflasie in verbruikerspryse oor die voorafgaande twaalf maande as 'n invaller-veranderlike vir die *verwagte* inflasie te gebruik) toon dat die Suid-Afrikaanse reële primakoers, binne die steekproef van lande wat by die ondersoek betrek is, min of meer halfpad tussen die laagste koers (dié in Japan) en die hoogste koers (dié in Australië) gelê het. Die verbetering in die Suid-Afrikaanse inflasiekoste vanaf ongeveer die middel van 1989, en die verhoging (tot 21,0 persent) van die nominale prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke vanaf 11 Oktober 1989, is weerspieël in die feit dat die Suid-Afrikaanse reële primakoers van 3,7 persent in Junie 1989 tot 5,6 persent in April 1990 gestyg het.

Kapitaalmarkontwikkelings


Die handelsbedrywigheid in die kapitaalmarkte, wat in die derde kwartaal van 1989 kragtig herstel en in die vierde kwartaal nog weer aanmerklik verder gestyg

het, het in die eerste kwartaal van 1990 tot werklik buitengewoon hoë vlakke aangeteken. Baie hoë omsette is aangeteken by die verhandeling van effekte van die openbare sektor en van maatskappyaandele op die effektebeurs. Hierbenewens het die aandelepryse 'n matige verdere herstel getoon terwyl daar ook 'n verdere toename in die waarde van die transaksies in vaste eiendom aangeteken is. In April het daar egter 'n skerp daling in die handelsbedrywigheid ten opsigte van sowel aandele as effekte en 'n sekere algemene verswakking van die aandelepryse ingetree.

Die waarde van die effekte van die *openbare sektor* wat op die effektebeurs verhandel is, het van sy vorige rekordvlak van R58,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 met 'n merkwaardige 33 persent tot by 'n nuwe rekordhoogtepunt van nie minder nie as R77,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 gestyg. In April was die waarde van hierdie transaksies, wat R12,0 miljard beloop het, egter minder as die helfte so groot as die gemiddelde maandelikse syfer van R25,8 miljard wat in die voorafgaande drie maande aangeteken is.

Die skerp afname in die effektehandel in April kon deeltelik toegeskryf word aan die gebruiklike groot aantal openbare vakansiedae en lang naweke gedurende daardie maand. In minder belangrike mate (aangesien transaksies waarby nie-inwoners betrokke was slegs 'n baie klein deel van die totale effektehandel op die effektebeurs uitgemaak het) was dit egter ook 'n weerspieëling van die feit dat die aankope, verkope en netto aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners gedurende April in vergelyking met

Effektebeurstransaksies



laer goudprys vanaf laat in Maart 1990 op die ge moedstoestand in die mark uitgeoefen het, asook van die mark se verhoogde gevoel van onsekerheid oor geskilpunte met betrekking tot Suid-Afrika se toekom stige maatskaplik-politieke en ekonomiese bedeling waарoor daar nog geen eenstemmigheid bestaan nie. Die *netto verkope* van aandele deur *nie-inwoners* op die Johannesburgse Effektebeurs het egter ook aansienlik teruggesak.

Die gemiddelde *prysvlak* van alle klasse aandele, wat in die vierde kwartaal van 1989 met 7 persent toegeneem het, het in die eerste kwartaal van 1990 met 'n verdere 4 persent gestyg. Hierdie verdere styging in die algemene prysvlak in die eerste kwartaal het hoofsaaklik voortgespruit uit verbeterings in die gemiddelde pryse van finansiële aandele en van nywerheids- en handelsaandele, wat met onderskeidelik 8 en 9 persent gestyg het. In teenstelling hiermee het die gemiddelde pryspeil van goudmynaandele gedurende die kwartaal met 'n verdere 7 persent gedaal.

In Februarie 1990 het die gemiddelde prysvlakte van finansiële aandele, nywerheids- en handelsaandele en "alle klasse" aandele hul vorige rekordvlakte van September 1987 met onderskeidelik 11 persent, met 'n marginale 1 persent en met 3 persent oorskry; die gemiddelde prysvlak van goudmynaandele het daarenteen teruggesak vanaf die hoogtepunt wat dit in Desember 1989 bereik het tot 'n vlak wat sowat 16 persent laer was as die hoogtepunt van 1987. In April 1990 het die gemiddelde prysvlak van "alle klasse" aandele, in die voetspore van die verswakkings van die dollarprys van goud en van die gevoelens van ongerustheid oor moontlike maatskaplik-politieke en ekonomiese ontwikkelings op langer termyn wat in daardie stadium in die mark bestaan het, in wesenlike mate (naamlik met 5 persent) gedaal.


In die *prim re markte* het die leners in sowel die private as die openbare sektor met betrekking tot nuwe uitgiftes in die eerste kwartaal van 1990 slegs betreklik geringe bedrywigheid getoon. 'n Bedrag van slegs R60 miljoen is gedurende di  kwartaal deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, in die vorm van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte opgeneem; dit kan vergelyk word met die bedrag van R162 miljoen wat in die voorafgaande drie maande opgeneem is. Nuwe uitgiftes van gewone aandele deur genoteerde maatskappye het van R5,7 miljard (waarby die privatiseringsuitgifte van Yskor ingesluit is) in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n skamele R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 ingekrimp. Die "netto nuwe leenbedrywigheid" van die openbare sektor in die vorm van die uitreiking van vaste-rentedraende effekte het egter ietwat verstewig deurdat die netto *terugbetaling* van skuld ten bedrae van R0,8 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n netto *terugbetaling* van slegs R0,4 miljard in die daaropvolgende kwartaal verminder is.

In die *verbandmark* het die bedrag aan uitbetalings

nie-inwoners se aan- en verkope van sodanige effekte in elk van die voorafgaande drie maande, aanmerklik gedaal het; dit lyk waarskynlik dat hierdie verskynsel onder andere die invloed getoon het van die beduidende verstewiging wat die re le opbrengskoerse op prima-effekte en ander langtermyn-waardepapier sedert die begin van 1990 in verskeie van die w relde se belangrikste nywerheidsekonomie  aan die dag gel  het. (Die *netto aankope* deur nie-inwoners van alle effekte van die openbare sektor op die Johannesburgse Effektebeurs het van 'n maandelikse gemiddelde van sowat R0,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990, in April tot aansienlik minder as die helfte van daardie bedrag teruggesak.) Ten slotte is dit moontlik dat die omsetsyfers ten aansien van die effekte van die openbare sektor in April reeds afwaarts beïnvloed is deur 'n afname in die omvang van terugkooptransaksies waarvoor sodanige effekte as die onderliggende waardebewyse dien.

Die waarde van die *aandele* wat op die effektebeurs verhandel is, het vanaf sy vorige rekordvlak van R6,2 miljard in die vierde kwartaal van 1989 met byna 39 persent tot 'n nuwe rekordbedrag van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990 gestyg. Die gemiddelde maandelikse waarde van hierdie transaksies het dan  egter in betekenisvolle mate vanaf effens minder as R2,9 miljard in die eerste kwartaal van 1990 tot slegs R1,5 miljard in April teruggesak – die laagste vlak waarop hierdie transaksies in die jongste twaalf maande te staan gekom het. Dit kon moontlik 'n weer spieeling gewees het van die invloed wat die heelwat

Transaksies in vaste eiendom




van verbandlenings deur die bouverenigings, wat in die derde kwartaal van 1988 'n hoogtepunt van R2,7 miljard bereik het, in die eerste kwartaal van 1990 slegs R1,9 miljard beloop. Dit was nietemin beduidend hoër as die bedrag van R1,5 miljard in die vierde kwartaal van 1989. Die toename in die bouverenigings se totale besit aan verbandlenings, wat in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1989 R0,5 miljard bedra het, het in die eerste kwartaal van 1990 tot R0,7 miljard toegeneem; die volgehoudende groot verskil tussen uitbetalings op nuwe lenings en die werklike toename in die bouverenigings se besit aan lenings was vir die derde opeenvolgende kwartaal 'n weerspieëeling van voortgesette groot kapitaaldelgings. In teenstelling hiermee het die toename in die bankinstellings se besit aan verbandlenings effens afgeneem, naamlik van R1,3 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990.

Die waarde van die *transaksies in vaste eiendom* het van die rekordtotaal van R5,7 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n nuwe rekordbedrag van R6,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem. Die totale waarde van hierdie transaksies in 1989, wat R21,2 miljard beloop het, was 8 persent hoër as in 1988. *Reële* gesproke, dit wil sê ná aansuiwering vir die inflasie soos dit deur die verbruikersprysindeks gemeet word, het die omvang van die transaksies in vaste eiendom in 1989 egter met sowat 6 persent teruggesak.

Langtermyn-opbrengs- en rentekoerse

Die afwaartse beweging van die *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte*, wat – om verskeie redes, soos die feit dat die Regering syleenprogram vir begrotingsdoeleindes vir die fiskale jaar 1989/90 reeds vroeg afgehandel het, en die deurgaans positiewe beleggersentiment onder sowel inwoners as nie-inwoners – teen die middel van die vierde kwartaal van

Reële langtermynrentekoerse




1989 'n aanvang geneem het, het in Februarie 1990 sy stukrag verloor en in trurat begin gaan. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het betreklik skerp, naamlik van 16,9 persent in Oktober 1989 tot 15,5 persent in Januarie 1990, gedaal maar vervolgens, op grond van oorwegings soos die onlangse teleurstellende verloop van die dollarprys van goud en die mark se hernieuide kommer oor potensiële maatskaplik-politieke en ekonomiese ontwikkelings op langer termyn, weer tot 15,6 persent in Februarie, 15,7 persent in Maart en 16,2 persent in April opgeskuif.

Die *reële* rentekoers op langtermynstaatseffekte (dit wil sê die nominale koers ná aansuiwering vir die heersende inflasiekoers van jaar tot jaar), wat in November 1988 'n hoogtepunt van 3,9 persent bereik het, het betreklik geleidelik maar nietemin sterk tot slegs 0,3 persent in Januarie 1990 teruggesak. Daarna het die stygings in die nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte en 'n afname in die inflasiekoers egter meegebring dat die *reële* rentekoers weer ietwat, naamlik tot 1,4 persent in April 1990, herstel het.

Die maandelikse gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse aandele het, as die spieëlbeeld van die verdere verbetering in die algemene vlak van die aandelepryse in die eerste kwartaal van 1990, van 5,7 persent in Desember 1989 tot 5,3 persent in Maart 1990 afgeneem. Verswakkking van die aandelepryse het vervolgens meegebring dat hierdie opbrengskoers weer tot 5,5 persent in April verstewig het. Die gemiddelde *verdienste-opbrengskoers* op alle klasse aandele (met uitsondering van goudmynaandele) het van

Aandelepryse en opbrengskoerse




Die bouverenigings se oorheersende huisverbandkoers, wat in Junie 1989 tot 19,75 persent verhoog is, is in die daaropvolgende vier maande op daardie vlak gehandhaaf. Ná die verhoging van die Bankkoers op 11 Oktober 1989 is hierdie koers in Oktober tot 20,75 persent opgeskuif.

Die oorheersende rentekoers op deposito's van twaalf maande by die banke en die bouverenigings, wat as 'n aanduiding van depositokoers in die algemeen beskou word, is in Oktober 1989 van 16,5 persent tot 17,0 persent en in April 1990 tot 18,0 persent verhoog.

15,4 persent in Desember 1989 tot 14,6 persent in April 1990 gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die minder indrukwekkende finansiële resultate wat maatskappye in die verskillende sektore van die ekonomie gedurende hierdie tydperk openbaar gemaak het.

Bouvereniging-rentekoerse



Staatsfinansies

Skatkisuitreikings

In die eerste drie kwartale (die Junie-, September- en Desember-kwartaal) van die fiskale jaar 1989/90 het die koers van toename van jaar tot jaar in die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (ná die gebruiklike aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening) 33,8, 15,9 en 26,1 persent beloop. In die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 (dit wil sê in die eerste kwartaal van 1990) was die skatkisuitreikings in werklikheid egter 1 persent *laer* as gedurende die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1988/89. Hierdie skerp daling in die toenamekoers van jaar tot jaar was 'n weerspieëling van beperkte *addisionele* staatsbestedings, wat gewoonlik in die laaste of Maart-kwartaal van die fiskale jaar aangegaan word; die beperkte omvang van die addisionele bestedings waarvoor bewilliging verkry moes word, was op sy beurt weer 'n weerspieëling van die hoë mate van finansiële dissipline wat in die loop van die fiskale jaar deur die owerhede gehandhaaf is.



Die staatsbesteding het in die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel met 16,2 persent toegeneem, teenoor die Begroting se oorspronklike raming van 13,2 persent of van 15,0 persent indien die bedrag van R1 miljard aan onvoorsiene uitgawes waarvoor in die Begroting toegelaat is, ook in berekening gebring word. Die werklike toename styg tot 17,1 persent wanneer dit met die verandering in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening aangesuiwer word. *Reëel* het die toename in die staatbesteding in die fiskale jaar 1989/90 1,1 persent beloop, of 1,9 persent nadat dit met die verandering in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening aangesuiwer is.

In April 1990, dit wil sê in die eerste maand van die fiskale jaar 1990/91, was die skatkisuitreikings (ná aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening) nie minder nie as 4 persent *laer* as in April 1989. Dit kon egter hoofsaaklik aan die betreklik hoë vlak van hierdie uitreikings in April 1989 toegeeskry word. Die afname oor twaalf maande in die skatkisuitreikings in April 1990 behoort derhalwe nie beskou te word as 'n vooraanduiding van die verloop wat hierdie uitreikings na verwagting in die res van die fiskale jaar 1990/91 sal toon nie.

Skatkisontvangste


Die toename van jaar tot jaar in die *skatkisontvangste* (waarby die opbrengste van privatiseringsaksies nie ingesluit is nie) het in die eerste drie kwartale van die fiskale jaar 1989/90 37,2, 26,4 en 20,4 persent beloop. Hierdie koers van toename het vervolgens in die laaste of Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 weer tot 32,5 persent opgeskiet.

Skatkisrekening



In vergelyking met die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1988/89 het die toename in die ontvangste uit inkomstebelasting op maatskappye en individue in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 'n verbasend hoë 39,3 persent bedra. Die ooreenstemmende toename oor periodes van vier kwartale in die ontvangste uit algemene verkoopbelasting en uit doeane- en aksynsregte het 24,6 en 9,3 persent beloop. Die vergelykenderwys geringe persentasietoename in doeane- en aksynsregte het voortgespruit uit die feit dat die bo-belasting op ingevoerde goedere in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 slegs 13,8 persent meer opgelewer het as in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1988/89. Hierbenewens het die doeane-regte in werklikheid 10,3 persent *minder* opgelewer as in die vorige jaar, wat onder andere 'n weerspieëling was van die uitwerking wat verskuiwings in die samestelling van die goedere-invoer (en 'n geringe netto afname in die fisiese hoeveelheid van die goedere-invoer) in die eerste kwartaal van 1990 in vergelyking met die eerste kwartaal van 1989 daarop uitgeoefen het.

Goedere-invoer en doeanereg



Die staatsinkomste (waarby die opbrengste van privatisering nie ingesluit is nie) was gedurende die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel 'n aansienlike 28,2 persent hoër as in die vorige fiskale jaar. Dit kan vergelyk word met die toename van 16,0 persent waarvoor daar in die oorspronklike Begrotingsramings van Maart 1989 begroot is. *Reëel* gesproke het die inkomste-ontvangste in die fiskale jaar 1989/90 met 'n aansienlike 11,5 persent gestyg.

In April 1990 was die skatkisontvangste 19,3 persent hoër as in April 1989. Hierdie persentasiestygging was heelwat hoër as die koers van toename in die staatsinkomste van 5,8 persent waarvoor daar vir die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel begroot is. In hierdie baie vroeë stadium van die nuwe fiskale jaar behoort die waargenome koers van toename in die inkomste-ontvangste van jaar tot jaar egter nog nie beskou te word as 'n aanduiding van die neigings wat in die loop van die fiskale jaar sal geld nie.

Tekort voor lenings

'n Oorskot voor lenings en skuldaflossing ten bedrae van R1 421 miljoen is in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 aangeteken; dit kan vergelyk word met 'n tekort van R2 480 miljoen in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1988/89.

Vir die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel het die tekort voor lenings en skuldaflossing (waarby die opbrengs

van privatisering nie ingesluit is nie, en wat op 'n basis van vergelykbaarheid met die gegewens soos dit deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede verskaf is, bereken is) R3 996 miljoen bedra. Dit was 'n hele R5 953 miljoen *minder* as die geraamde tekort van R9 949 miljoen wat deur die Minister in sy oorspronklike Begrotingsrede in die vooruitsig gestel is. In verhouding tot die nominale bruto binnelandse produk het die uiteindelike werklike tekort slegs 1,7 persent bedra; die tekort waarvoor oorspronklik begroot is, sou 4,1 persent beloop het van die bedrag waarop die bruto binnelandse produk volgens die vooruitskatting ten tye van die Begroting van 1989/90 gedurende die fiskale jaar te staan sou kom.

Die tekort van R3 996 miljoen in die fiskale jaar 1989/90 is soos volg uit die netto opbrengs van nuwe leningsuitgifte (en van die leningsheffing) gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte	10 165
Skatkiswissels	3 326
Leningsheffing	692
Nie-bemarkbare lenings	-890
Buitelandse lenings	-174
	13 119
Plus: Opbrengs uit privatisering	2 975
Min: Diskonto op nuwe uitgifte	4 331
Min: Oordragte na die Stabilisasie- en ander rekeninge	3 416
Min: Toename in beskikbare kontantsaldo's	4 351
Totale netto finansiering (= tekort voor lenings)	3 996

Terselfdertyd is die tekort van R3 996 miljoen, plus die diskonto van R4 331 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte (in totaal dus R8 327 miljoen), soos volg uit die verskillende beschikbare finansieringsbronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris	4 111
Nie-bank- private sektor	6 204
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	1 886
Ander banke	-6 868
Buitelandse sektor	19
Opbrengs uit privatisering	2 975
Totaal	8 327

Begrotings van Administrasies vir Eie Sake vir 1990/91

In die Begroting vir Algemene Sake van die Minister van Finansies vir 1990/91 is daar voorsiening gemaak vir 'n totale bewilliging aan die Administrasies vir Eie Sake ten bedrae van R12 482 miljoen. Daarbenewens

sou hierdie administrasies R261 miljoen van hul eie fondse benut; die totale besteding deur hierdie administrasies in 1990/91 sou volgens begroting dus op R12 743 miljoen te staan kom. Van hierdie totaal sou bedrae van onderskeidelik R8 138 miljoen, R3 386 miljoen en R1 219 miljoen deur die Administrasies van die Volksraad, die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes bestee word.

Verklaring in verband met terugkoop-ooreenkomste aangegaan deur bankinstellings

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

24 April 1990

Banke en diskontohuise maak in 'n toenemende mate van terugkoopooreenkomste wat nie op hul balansstate verskyn nie as 'n befondsingsmeganisme gebruik. Aan die einde van Februarie 1990 het die uitstaande terugkoopooreenkomste wat deur banke gesluit is R11,1 miljard bedra, wat byna 10 persent verteenwoordig het van alle banke gesamentlik se totale verpligtigs teenoor die publiek wat op balansstaat getoon is. Vergelykbare syfers vir diskontohuise aan die einde van Maart 1990 het R4,0 miljard en 266 persent onderskeidelik bedra. In die geval van individuele banke het die verhouding van befondsingsverpligtigs (in die vorm van terugkoopooreenkomste) wat nie op balansstaat getoon word nie tot vergelykbare verpligtigs teenoor die publiek wat op balansstaat getoon is, aan die einde van Februarie 1990 van 0 persent, vir banke wat nie van hierdie metode gebruik gemaak het nie, tot 550 persent gewissel. Die vergelykbare verhoudings in die geval van diskontohuise aan die einde van Maart 1990 het van 88 tot 430 persent gewissel. Voorts toon 'n vergelyking van die befondsingsverpligtigs wat op sowel as nie op balansstaat getoon word nie met die kapitaal en reserwes van individuele instellings ook buitengewone hoë hefboomverhoudings op die betrokke datums.

Die Reserwebank is van mening dat die sluit van 'n terugkoopooreenkoms in wese 'n befondsingsbedrywigheid is. Dit dra risiko's wat ooreenstem met dié wat geassosieer word met befondsingsbedrywigheide wat op balansstaat getoon word, en behoort derhalwe aan dieselfde minimum voorsorgvereistes onderhewig te wees. Meeste terugkoopooreenkomste word inderdaad doelbewus as 'n alternatiewe befondsingsmeganisme gebruik ten einde voorsorgvereistes te vermy.

Die onvermydelike gevolg is dat die betrokke instelling self en sy deposante aan groter risiko's blootgestel is aangesien sommige van sy verpligtigs nie aan die toepaslike voorsorgvereistes onderhewig is nie. Alle deposante en aandeelhouers mag nie altoos van die bykomstige risikoblootstellings bewus wees nie, aangesien risiko's wat nie op balansstaat getoon word nie, nie altyd ten volle geopenbaar word nie.

Nog 'n ongewenste gevolg van bankinstellings se verhoogde risikoblootstellings (wat uit die vermyding van voorsorgvereistes voortspruit) is dat 'n onredelike verantwoordelikheid op die Reserwebank in sy hoedanigheid as lener in laaste instansie aan die bankstelsel geplaas word. As toesighoudende owerheid doen die Reserwebank bowendien sy uiterste om die kontant en besparings wat die publiek by geregistreerde depositonemende instellings hou, te beskerm, en hy moet homself derhalwe daarvan vergewis dat al hierdie

instellings aan die neergelegde statutêre voorsorgvereistes voldoen.

Die buitebalansstaataktiwiteit van banke doen ook afbreuk aan die betrouwbaarheid van monetêre ontleidings vir monetêre beleidsdoeleindes. Hierdie praktike lei tot die onderskatting van die grootte van, asook tot verwringings in, die werklike veranderings in die geldvoorraad en totale bankkredietverlening. Ten einde verder die gesondheid van die bankwese in Suid-Afrika te beskerm en die gehalte van bankstatistiek te verbeter, word verwag dat ooreenkombig die hersiene bankwetgewing (soos voorgestel in die Wetsontwerp op Depositonemende Instellings), wat tans vir tertafellegging in die Parlement gefinaliseer word en wat waarskynlik aan die einde van 1990 in werking sal tree, depositonemende instellings aan die voorsorgvereistes wat ten opsigte van verpligtigs en eise wat "op" sowel as "nie op" die balansstaat getoon word nie, sal moet voldoen. Dit is derhalwe raadsaam vir bankinstellings om hulself in die volgende paar maande voor te berei om later aan die breërgestruktureerde voorsorgvereistes te kan voldoen. Die beginsels wat in die voorgestelde voorsorgvereistes beliggaam is, asook die voorgestelde nuwe basis vir sodanige vereistes, word in die voorgestelde Wetsontwerp, wat onlangs vir kommentaar en inligting aan alle bankinstellings, onderlinge bouverenigings en bouverenigings gesirkuleer is, uiteengesit. Die bedoeling is om die besonderhede van hierdie vereistes in samewerking met die betrokke instellings gedurende die res van 1990 te ontwikkel en om sodanige besonderhede in die regulasies wat ingevolge die voorgestelde Wetsontwerp gemaak sal word, te vervat.

Die voorgestelde nuwe wetgewing maak onder andere voorsiening vir 'n omvattende hersiening van voorsorgvereistes vir bankinstellings en bouverenigings, vir die geleidelike uitfasering van daggeld by diskontohuise as likwiede bates, en vir aangeleenthede wat betrekking het op die depositonemende aktiwiteit van instellings wat nie as banke of bouverenigings geregistreer is nie.

Dit word erken dat die stuksgewyse implementering van die nuwe vereistes 'n ontwrigtende invloed op handelsaktiwiteit in die geld- en kapitaalmark sal hê en ook 'n aanmerklike invloed op bankmarges sal uitoeft. Ten einde egter 'n verdere erosie van voorsorgvoorsienings kragtens die bestaande reguleringsbestel te vermy – met die oog op die beveiliging van die belang van deposante en aandeelhouers asook die finansiële gesondheid van die bankstelsel – word die onderstaande maatreëls nou reeds deur die Reserwebank in werking gestel. Waar toepaslik, sal die Reserwebank eersdaags ingevolge Proklamasie No. R. 184 van 1967 die nodige Reëls uitvaardig. Om moontlike

ontwrigting van normale sekuriteitehandel te vermy, kan die Reëls voorsiening maak vir sekere uitsluitings en sal, in hierdie oopsig, saamgestel word na oorlegpleging met betrokke partye.

As uitgangspunt word aanvaar dat terugkoopooreenkomste (waarby inbegrepe is enige ooreenkoms ingevolge waarvan fondse verkry word deur die verkoop van 'n sekuriteit en waaraan die voorwaarde gekoppel is dat die verkoper van sodanige sekuriteit verplig is om dieselfde of enige ander sekuriteit op 'n gegewe toekomstige datum of binne 'n bepaalde tydperk terug te koop) wat deur banke, diskontohuise, onderlinge bouverenigings en bouverenigings gesluit word, in wese die verkryging van fondse deur hierdie instellings teen 'n bepaalde vorm van onderpand verteenwoordig. Van banke en alle bouverenigings sal gevoglik verwag word om in die toekoms die waarde van alle sekuriteite wat ingevolge terugkoopooreenkomste verkoop is, op hul balansstate teen terugkoopprys te toon en om soortgelyke bedrae as verpligtigs teenoor die publiek te toon wat aan reserwesaldo- en likwiedebatevereistes onderhewig sal wees. Alle terugkoopooreenkomste deur diskontohuise sal op dieselfde wyse in die toekoms op balansstaat getoon word en aan die bepalings van die Bankwet, 1965, onderhewig wees.

Bankinstellings uitgesonderd diskontohuise

As 'n tussentydse maatreël is besluit om, in die geval van individuele banke, 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag van verpligtigs wat voortspruit uit die aangaan van terugkoopooreenkomste uitstaande aan die einde van Februarie 1990, soos aan die Registrateur van Banke verslag oor gedoen is in die maandelikse opgawes van BW-Vorm 7 vir Februarie 1990, van die reserwesaldo- en likwiedebatevereistes, opgelê deur die Bankwet, 1965, vry te stel. Slegs die bedrag van terugkoopooreenkomste deur banke wat hierdie bedrag oorskry, sal vanaf die datum van sertifisering van hul maandelikse opgawes van BW-Vorm 7 vir Mei 1990 onderhewig wees aan die voorsorgvereistes wat die Bankwet, 1965, neerlê. Hierdie vrystelling sal verval wanneer die voorgestelde nuwe wetgewing, wat in die Wetsontwerp op Depositonemende Instellings vervat is, in werking tree.

Hierdie maatreëls sal inhoud dat –

- (i) verpligtigs van banke ten opsigte van terugkoopooreenkomste voortaan op hul balansstate aangetoon moet word; en
- (ii) die waarde van terugkoopooreenkomste wat deur banke bo die bedrag aangegee in opgawes van BW-Vorm 7 vir Februarie 1990 aangegaan is, met ingang van die datum van sertifisering van die BW-Vorm 7-opsawe vir Mei 1990 onderworpe sal wees aan die normale statutêre reserwesaldo- en likwiedebatevereistes deur die Bankwet, 1965, opgelê.

Reëls sal ook deur die Reserwebank uitgevaardig word ten einde te vermy dat –

- (i) reserwesaldo- en likwiedebatevereistes deur banke ten opsigte van terugkoopooreenkomste wat deur dié instellings met die Reserwebank of die Korporasie vir Openbare Deposito's aangegaan is, gehandhaaf word;
- (ii) dubbele reserwesaldo- en likwiedebatevereistes ten opsigte van terugkoopooreenkomste wat tussen banke aangegaan is, gehou word; en
- (iii) 'n bate wat die grondslag van 'n terugkoopooreenkomsts vorm en wat voortaan op balansstaat aangetoon moet word, as beswaard beskou word en dus van gestorte kapitaal en onaangetaste reserwefondse afgetrek moet word, soos deur artikel 1(5) van die Bankwet, 1965, vereis word.

Diskontohuise

Alle terugkoopooreenkomste wat deur diskontohuise aangegaan is, sal voortaan ook op hul balansstate as verpligtigs getoon moet word. Die bepalings van artikel 22 van die Bankwet, 1965, wat beperkings op transaksies van diskontohuise neerlê, sal egter nie van toepassing wees op terugkoopooreenkomste wat deur diskontohuise aangegaan is nie, en wel tot 'n bedrag gelyk aan die waarde van terugkoopooreenkomste wat deur hulle aangegaan is en uitstaande was aan die einde van Februarie 1990, soos deur hulle in opgawes aan die Reserwebank gerapporteer is. Soos in die geval van banke, sal die beperkings ook nie van toepassing wees nie op terugkoopooreenkomste aangegaan met die Reserwebank en die Korporasie vir Openbare Deposito's, terwyl alle bepalings van die Bankwet, 1965, vanaf 21 Junie 1990 van toepassing sal wees op die bedrag van terugkoopooreenkomste wat deur diskontohuise aangegaan is bo die bedrag van sodanige ooreenkoms geboekstaaf in die maandelikse opgawe ten opsigte van Februarie 1990 wat aan die Reserwebank verstrek is. Al die bepalings van die Wetsontwerp op Depositonemende Instellings sal egter op diskontohuise van toepassing wees wanneer die Wetsontwerp, soos deur die Parlement goedgekeur, in werking tree.

Bouverenigings

Onderlinge bouverenigings maak tans nie in 'n groot mate van terugkoopooreenkomste as deel van hul fondsingsbedrywighede gebruik nie. Hoewel dit voortaan ook van hulle verwag sal word om terugkoopooreenkomste op balansstaat te toon, word dit nie in hierdie stadium toepaslik geag om 'n formele voorskrif aan hierdie verenigings uit te reik nie. Bouverenigings sal aan dieselfde vereistes as bankinstellings onderhewig wees wanneer die voorgestelde Wetsontwerp op Depositonemende Instellings aangeneem word. In die

tussentyd sal die samewerking van verenigings tot die rapportering van alle terugkoopooreenkomste op balansstaat egter gevra word en die Reserwebank sal nie huiwer om, indien dit wenslik geag word, wysiende wetgewing voor te berei en aan die Parlement voor te lê nie, of om ander stappe te doen ten einde onaanneemlike situasies met betrekking tot terugkoopooreenkomste deur onderlinge bouverenigings en bouverenigings aangegaan, reg te stel nie.

Die gereeldé statutére opgawes wat deur bankinstellings en onderlinge en maatskappybouverenigings aan die Registrateur van Banke of van Bouverenigings voorgelê word, sal, indien nodig, aangepas word ten einde voorsiening te maak vir data betreffende terugkoopooreenkomste. Bankinstellings, onderlinge bouverenigings en bouverenigings sal eersdaags deur die Registrateur van Banke en van Bouverenigings versoek word om gesertifiseerde ontledings te verstrek van terugkoopooreenkomste wat deur hulle aangegaan is en wat aan die einde van Maart 1990 uitstaande was.

Die verbiedinge vervat in Omsendbrief No. RB 160, uitgereik gedurende Julie 1979, wat onder andere betrekking het op die sluiting van terugkoopooreenkomste ten opsigte van fiktiewe bates en by wyse van gesimuleerde transaksies, bly van krag en sal ook van toepassing gemaak word op onderlinge en maatskappybouverenigings.

Ten slotte wil die Reserwebank herhaal dat hierdie tussentydse maatreëls, in afgwagting van die promulgasie van nuwe regulasies, na die aanname van die Wetsontwerp op Depositonemende Instellings, daarop gerig is om (i) te verhoed dat enige verdere erosie van die behoud van voorsorgvereistes deur banke ingevolge die bestaande reguleringsbestel plaasvind, sonder egter om (ii) die bestaande mededingingsposisies van individuele instellings te wring.

Daar word ten volle besef dat 'n behoefte tot verdere samesprekings en ondersoeke bestaan met betrekking tot die uitwerking wat die aanname van die voorgestelde Wetsontwerp op die behoorlike ontwikkeling van 'n sekuriteitsmark in Suid-Afrika kan hê.

Termynvalutadekkingstransaksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

deur E.J. van der Merwe

Oor ten minste die afgelope twintig jaar is tekorte oor die algemeen deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank op die sogenoemde termynboek aangeteken. Slegs oor betreklik kort tydperke was die Bank in staat om oorskotte op termyntransaksies te wys. Op 'n jaarrbasis is tekorte in die meeste finansiële jare aangeteken. Hierdie tekorte was gedurende die laat ses-tigerjare onder die destydse betreklik vaste wisselkoersstelsel vergelykenderwys nog klein, maar het vanaf 1978 begin om skerp te styg. Die omvang van hierdie tekorte het grootliks afhang van die stand van die kontantwisselkoers van die rand gedurende 'n spesifieke jaar; hierdie tekorte het dus vanaf 1985 met die skerp depresiasi van die rand aansienlik gestyg.

Alhoewel hierdie "tekorte" en "oorskotte" voortspruit uit 'n doelbewuste oor- of onder-prysvasstelling van termyndekkingskoste met die oogmerk om sekere voorafbepaalde makro-ekonomiese beleidsdoelwitte na te streef, word gewoonlik daarna as "verliese" en "winste" op die Reserwebank se termynvalutatransaksies verwys. Soos in hierdie artikel verduidelik sal word, word hierdie "verliese" en "winste" vir die doel-eindes van makro-ekonomiese ontleding as kapitaal-oordragte tussen die Regering en die private sektor beskou. Dit moet nie verwarring word met die rekening-kundige konsep van verliese en winste wat uit normale kommersiële handelsoptredes ontstaan nie.

Die volgehoue verliese wat die Reserwebank ly en die aansienlike toename wat daarin voorgekom het, het onlangs heelwat aandag geniet. Vrae word gevra oor die rede waarom daar voortgegaan word om sulke verliese te ly en waarom hulle so groot moet wees as wat hulle is. Die doel van hierdie artikel is om sommige van hierdie vrae te bespreek, naamlik:

- Wat veroorsaak dat die Reserwebank termynverliese aangaan?
- Hoe word hierdie termynverliese in die makro-ekonomiese rekeninge van Suid-Afrika aangeteken?
- Watter makro-ekonomiese implikasies het hierdie termynverliese vir die land?
- Wat kan die monetêre owerhede doen om die verliese wat reeds aangegaan is, af te los en om toekomstige verliese te voorkom?

Faktore verantwoordelik vir verliese op die termynboek van die Reserwebank

Drie afsonderlike maar interafhanklike redes kan onderskei word waarom die Reserwebank verliese op sy termynvalutaboek ly, naamlik:

- (a) Die Bank tree as 'n "markskepper" op. Dit beteken dat die Bank 'n aktiewe deelnemer in die termynvalutamark is en dekking aan gemagtigde valutahandelaars *op die handelaar se inisiatief verskaf* en nie uitsluitlik as 'n deel van die Bank se eie intervension beleid om korttermynbewegings in die wisselkoers van die rand te beïnvloed nie.
- (b) Die Bank het 'n groot netto verkoopsaldo op termynboek wat nie "afgedek" word deur die gelyktydige aankoop van kontant- of termynvaluta nie en wat 'n aansienlike stygende neiging getoon het.
- (c) Die Bank voorsien dekking teen "markbenaderde" termynwisselkoerse. Hierdie koerse word eenvoudig verkry deur die verskil tussen plaaslike en buitelandse rentekoerse aan te pas met die transaksiekoste van buitelandse banke en binnelandse gemagtigde handelaars.

Aktiewe deelnemer in mark

Die Reserwebank is 'n aktiewe deelnemer in die termynvalutamark sedert dié mark se ontstaan. Hierdie aktiewe betrokkenheid van die Bank was hoofsaaklik gerig op die ontwikkeling van die mark. Verskeie pogings is van tyd tot tyd aangewend om die reëlings met betrekking tot die werksaamhede van die termynvalutamark in Suid-Afrika te verbeter. Aansienlike veranderings, gebaseer op die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika (De Kock-kommissie), is veral na 1979 aangebring. Ondanks hierdie pogings kan die termynmark nog steeds beskryf word as baie beheerd, betreklik onderontwikkeld, kunsmatig en sterk aan bande gelê deur valutabeheerreëls en -regulasies.

Die Reserwebank het derhalwe sy rol as "markskepper" voortgesit alhoewel pogings aangewend is om die mark minder streng te beheer. Die uiteindelike doelwit van die owerhede bly egter nog steeds "'n termynmark buite die Reserwebank waarin dit sowel inwoners as nie-inwoners vrystaan om vryelik met mekaar termyntransaksies aan te gaan en waarin termynkoerse vir die rand, as gevolg van arbitrage-transaksies, sal neig om dieselfde in Suid-Afrika en oorsee te wees en om naby rentekoerspariteit te staan te kom"¹. Daar word gemeen dat dit die twee belangrikste tekortkomings van die termynmark sal uitskakel,

¹ Republiek van Suid-Afrika, Die Kommissie van Onderzoek na Die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, *Die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika* (Finale verslag) RP 70/1984, Staatsdrukker, Pretoria, 1985, pp. 35 en 136.

naamlik die wanbalans in die Reserwebank se termynboek en die feit dat termyntransaksies nie ten volle hulle rol in die bepaling van kontant- en termynwisselkoerse vervul nie.

In ooreenstemming met die De Kock-kommissie¹ se aanbevelings, het die monetêre owerhede daarna gestreef om hulle geleidelik eerder as onmiddellik en plotseling van die termynmark te onttrek. Die Kommissie was van mening dat 'n onmiddellike onttrekking van die Reserwebank te drasties en ontwrigtend sou wees. Daar is aangevoer dat so 'n onttrekking sou "waarskynlik oormatige afwaartse druk plaas op of die Reserwebank se buitelandse reserwes en/of die wisselkoers van die rand, terwyl dit terselfdertyd waarskynlik ook sou veroorsaak dat rentekoerse skerp styg. Die rede hiervoor is dat die banke in die afwesigheid van die Reserwebank se termyndekking sowel as finansiële perke op banke, behalwe gewone toesigveriestes, waarskynlik sou probeer om hul termynverkope met kontantaankope af te dek en sodoende meer van die amptelike reserwes sou absorbeer."²

Veral in die tydperk 1983 tot 1985 het die Reserwebank 'n vasgestelde plan gevvolg om hom geleidelik van die mark te onttrek. Kwota's is aan elke handelaar toegeken vir die maksimum netto bedrag wat so 'n handelaar van die Bank in die vorm van ruitransaksies op termyn kon koop of verkoop. Vir die eerste jaar, dit wil sê van 5 September 1983 tot 31 Augustus 1984, is die totale bedrag van alle gemagtigde handelaars se blootstelling op VSA\$10 000 miljoen vasgestel. Op 1 September 1984 is hierdie bedrag met een-derde tot VSA\$6 667 miljoen verminder; met die bedoeling om dit op 1 September 1985 met 'n verdere een-derde te verminder en om die Reserwebank se verpligting om termyndekking aan valutahandelaars te verskaf op 31 Augustus 1986 heeltemal te beëindig.

Die Reserwebank was egter verplig om hierdie plan uit te stel as gevolg van die omstandighede wat tot die skuldstilstand in September 1985 aanleiding gegee het. Indien die Bank op daardie stadium met die plan voortgegaan het, sou dit waarskynlik binnelandse instansies met skuldverpligtings betitel in buitelandse geldeenheid genoop het om hierdie lenings so gou as moontlik terug te betaal. Indien hierdie lenings nie deur die skuldstilstandreëlings geraak is nie, sou hulle in werklikheid terugbetaal gewees het. Dit sou die wisselkoers van die rand onder selfs meer druk geplaas het en sou 'n selfs laer vlak van die buitelandse reserwes tot gevolg gehad het. Indien hierdie lenings binne die sogenaamde stilstandnet geval het en reeds hul oorspronklike vervaldatums bereik het, sou hulle na spesiale beperkte depositorekening by die Openbare Beleggingskommissarissoor geplaas moes word. Enige verliese wat uit wisselkoersveranderings ontstaan het, sou dan steeds vir die rekening van die

Tesourie gewees het. Ook van belang is dat die fundering van die terugbetaling van hierdie buitelandse lenings waarskynlik 'n toename in binnelandse rentekoerse sou veroorsaak het op 'n tydstip toe daar aansienlike onsekerheid en 'n algemene gebrek aan vertroue oor die toekoms van die binnelandse ekonomie bestaan het.

Hierdie omstandighede het tot 'n toename in die termynverpligtings van die Reserwebank geleid. Die Bank is egter nog steeds van voorneme om mettertyd op 'n ordelike wyse van die termynmark te onttrek. Dit is herbevestig deur die Bank in 'n brief wat op 8 Desember 1988 aan gemagtigde handelaars gerig is. In hierdie brief is ook aangedui dat die Bank met die oog op die vergemakliking van so 'n geleidelike onttrekking, sy betaling in VSA-dollar vir die produksie van goud wat die goudmyne aan die Bank verkoop, sou hervat en dat die goudmyne binne vasgestelde perke toegelaat sou word om die dollaropbrengste van hul vaste toekomstige goudproduksie vooruit te verkoop. Ondanks hierdie verklaarde voornemens, is die Bank egter terselfdertyd deur internasionale en binnelandse omstandighede verplig om sy optrede in die termynmark uit te brei ten einde die buitelandse valutareserves te beskerm. Vanaf die begin van 1989 het die Bank begin om termyndekking teen voorkeurkoerse te verskaf vir buitelandse kredietfasilitete wat vir handelsdoeleindes verkry is. Daarbenewens het die Bank ook die looptyd van termynkontrakte verleng tot tydperke langer as 'n jaar ten einde langtermyn- buitelandse financiering aan te moedig.

Die Reserwebank het derhalwe selfs in 'n groter mate in die mark betrokke geraak as wat voorheen die geval was. Die huidige verpligte van die Bank op die termynboek bestaan nou hoofsaaklik uit:

- Ruitransaksies wat met gemagtigde handelaars vir 'n maksimum tydperk van twaalf maande gesluit is. In ooreenstemming met die huidige reëlings sal 'n gemagtigde handelaar wat byvoorbeeld VSA-dollars op termyn aan 'n kliënt verkoop, eers die verlangde dollars in die kontantmark koop en dit daarna, verkiel weer in die mark, kontant verkoop en op termyn aankoop. Indien die handelaar nie in staat is om die tweede been van die transaksie in die mark af te sluit nie, mag hy 'n ruitransaksie met die Reserwebank aangaan. Hierdie terugkooptransaksie verseker dat die handelaar op die vasgestelde toekomstige datum in 'n posisie sal wees om die dollars teen 'n voorafbepaalde prys te verkry vir lewering aan sy kliënt in terme van die oorspronklike termynkontrak. 'n Groot deel van die termyntransaksies van die Bank bestaan uit hierdie tipe transaksies.
- Regstreekse termynvaluta-aankoop- en -verkoopkontrakte met gemagtigde handelaars teen dokumentêre bewys dat die onderliggende transaksie 'n verbruikersoorsprong het. Sulke transaksies word vir 'n maksimum bedrag van VSA\$10 miljoen per transaksie gesluit. Hierdie reëling is in Desember 1985

² Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, *op. cit.* p. 136.

ingestel met die bedoeling om spekulasié teen die rand, wat op daardie stadium voorgekom het, te ontmoedig. Hierdie transaksies word slegs onder buitenewone omstandighede gedoen. Die bedrae daarby betrokke is betreklik klein.

- Regstreekse termyndekking vir openbare korporasies en ander instellings in die openbare sektor vir tydperke van langer as twaalf maande op die rand/dollar-been van hulle buitelandse leningstransaksies. Alhoewel hierdie faciliteit in Januarie 1987 beëindig is, ontstaan 'n groot deel van die verliese op die termynboek van die Reserwebank nog steeds uit hierdie transaksies waar dekking voorsien is vir tydperke wat wissel van een tot vyftien jaar.
- Termyndekking op skuld wat na spesiale beperkte depositorekeninge by die Openbare Beleggingskommissarisie in ooreenstemming met die skuldstilstandreëlings met buitelandse krediteurbanke gekrediteer is. Die totale bedrag van hierdie deposito's, wat gedurende 1986 en 1987 betreklik groot was, het gedurende 1988 begin afneem. Tans is die termyndekkingfasilitete wat deur die Bank in hierdie kategorie voorsien word, dus betreklik klein.
- Termyndekking teen voorkeurkoerse vir kredietfasilitete wat deur gemagtigde handelaars verkry word vir befondsing van die buitelandse handel. Sodanige dekking is slegs beskikbaar teen dokumentêre bewys dat die buitelandse kredietfasilitete opgeneem is en op voorwaarde dat die vervaldatum van die dekking ooreenstem met die datum van die betrokke onderliggende buitelandse finansiering. Uitvoerders word onder hierdie maatreëls ook aangemoedig om van voor-uitvoer buitelandse finansiering gebruik te maak. Hierdie faciliteit is in 'n aansienlike mate benut en in die vierde kwartaal van 1989 het sodanige dekking gemiddeld sowat R1,7 miljard per maand beloop.
- Langtermyndekking vir projekfinansiering en dekking ten opsigte van fondse vasgevang in die skuldstilstandnet wat in langtermynlenings omskep is in ooreenstemming met die reëlings met buitelandse krediteurbanke. Die termyndekking vir projekfinansiering word vir die volle tydperk van sodanige langtermynfinansiering aangebied, maar moet met die vervaldatum van die onderliggende transaksie ooreenstem. Dekking word nie slegs vir die rand/dollar-been van die transaksie voorsien nie, maar ook in ander vryelik oordraagbare internasionale geldeenheide. Wat termyndekking van geaffekteerde skuld betref wat in langtermynlenings omskep is, moet dit met die aflossingstruktuur van die betrokke lenings ooreenstem en is dit slegs tot VSA-dollars beperk.

Groot netto verkoopsaldo op termynboek

Die Reserwebank was nie slegs 'n aktiewe deelnemer in die mark nie, maar het oor die afgelope twintig jaar ook 'n groot netto verkoopsaldo op termynboek ge-

had. In die sewentigerjare was hierdie netto verkoopsaldo hoofsaaklik die gevolg van die feit dat 'n groot deel van die valuta-ontvangste uit die uitvoer en sekere kapitaalbewegings regstreeks na die Reserwebank gevloeи het en nie die Bank deur middel van die gemagtigde handelaars bereik het nie. Die bedrae aan buitelandse valuta wat aan die handelaars deur hulle kliënte aangebied is, was dus bykans sonder uitsondering kleiner as die bedrae wat van die handelaars vir invoer en ander betalings aan buitelander aangevra is. Hierdie wanbalans in die kontantvalutamark het noodwendig met 'n soortgelyke wanbalans in die termynmark gepaard gegaan. Bowendien is 'n vaste kommissie van 1 persent op die kontantkoers van die Reserwebank vir sowel die Bank se termynaankope as -verkope in berekening gebring. Op enige gegewe tydstip het hierdie reëling of aankopers of verkopers begunstig en het derhalwe een-rigtingdekking tot gevolg gehad. Indien 'n depresiasié van die rand byvoorbeeld verwag is, sou die meeste invoerders verkie om dekking uit te neem, terwyl daar min aansporing vir uitvoerders was om dit te doen.

Met die oog op hierdie en ander tekortkomings het die owerhede belangrike veranderings in valutamarkprocedures aangebring. Om 'n beter balans tussen kontantaankope en -verkope te verkry, en derhalwe ook tussen termynaankope en -verkope in die private mark, is die opbrengste van die diamantuitvoer en buitelandse lenings wat deur openbare korporasies en ander instellings in die openbare sektor verkry is, regstreeks na gemagtigde handelaars gekanaliseer. In September 1983 is ook aangekondig dat die Reserwebank voortaan die goudmyne in VSA-dollars sou betaal vir nuut geproduceerde goud wat aan die Bank gelewer is sodat die myne hierdie dollars in die binelandse mark kon plaas. Veranderende omstandighede het die Reserwebank egter daarna verplig om hierdie reëling gedeeltelik te herroep, en vanaf Februarie 1985 tot die begin van Desember 1985 is die mynbedryf die helfte in rand en die helfte in dollars betaal vir hulle goudverkope aan die Bank. Volgehoue druk op die buitelandse reserwes het daarna veroorsaak dat hierdie reëling in Desember 1985 heeltemal herroep is en dat die goudmyne uitsluitlik in rand vir enige goudaankope betaal is. Eers vanaf Februarie 1988 was die Reserwebank in staat om hierdie maatreël weer in werking te stel en sedertdien word die goudmyne weer ten volle in VSA-dollars betaal vir goud wat aan die Bank verkoop word.

Sekere veranderings is ook regstreeks aan termynvalutamarkreëlings aangebring met die doel om in 'n toenemende mate ewewig tussen valuta-aankope en -verkope teweeg te bring. Die belangrikste van hierdie hervormings was onder meer 'n besluit dat die Reserwebank vanaf Desember 1979 slegs die rand/dollar-risiko verbonde aan die buitelandse lenings aangegaan deur openbare instellings, vooruit sou dek. In 1980 het die Bank begin om termynkoerse op 'n meer markbe-

naderde wyse, wat hieronder in meer besonderhede bespreek word, te kwoteer. In 1980 is valutabeheer-goedkeuring ook aan Suid-Afrikaanse uitvoerders verleen om krediet aan buitelandse invoerders te verskaf vir tydperke tot twaalf maande en aan bankinstellings om dekking vir hierdie tydperk te voorsien. Dit het die looptye van termyninvoer- en -uitvoerdekkings in ooreenstemming met mekaar gebring. Daarbenewens het die owerhede besluit om die goudmyne toe te laat om 'n deel van die verwagte opbrengs uit goudverkope wat binne twaalf maande ontvang sou word, vooruit te verkoop. In 'n verdere poging om 'n beter balans op die termynboek te bewerkstellig, het die owerhede dit vanaf Desember 1985 vir uitvoerders wat nie kontant verkoopt nie, verpligtend gemaak om hulle totale uitvoeropbrengste vooruit te dek, en om dit te doen binne 'n tydperk van nie meer nie as sewe dae na die datum van verskeping van die betrokke goedere.

Ten spyte van hierdie veranderings het die wanbalans op die Reserwebank se termynboek voortgeduur. Ná die gedwonge herroeping van gemagtigde handelaars se termynlimiete, het die Bank se netto verkoopsaldo op termynboek in werklikheid volgehoud om te styg tot 'n vlak van ongeveer VSA\$23 miljard in 1989. Verskeie faktore het waarskynlik tot hierdie verswakkings van die Bank se netto verkoopsaldo bygedra. Hieronder tel die struktuur van Suid-Afrika se buitelandse handel, wat bestaan uit groot gouduitvoer waarvan slegs 'n betreklik klein gedeelte tans vooruit gedeck word. Bowendien het die termynkoerse wat deur die Bank gekwoteer word en sedert 1989 in die besonder die voorkeurkoerse en die lae diskonto op die langtermyndekking, die termyndekking van invoertransaksies en van uitstaande lenings begunstig gedurende 'n tydperk waarin oor die algemeen verwag is dat die rand skerp sou depresieer. Laastens het die skuldstilstandreeëlings, wat in 1985 ingestel is, ook tot 'n groter dekking van buitelandse lenings bygedra.

Die wanbalans in die termynboek is dus nou verwant aan die doelwit om die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes van die land te beskerm. Soos reeds deur die De Kock-kommissie besef is, kan hierdie doelwit en die verkryging van 'n beter balans in die termynboek in konflik met mekaar wees in 'n mark wat nog op groot skaal deur die owerhede beheer word. Oor hierdie aangeleentheid was die Kommissie se bevinding dat: "by die aanvanklike ontwikkeling van 'n mededingende termynmark die Reserwebank die premies en diskonto's op termynvaluta dikwels so sal moet vasstel dat voorkeur aan die beskerming van die reserwes verleent word liever as aan 'n beter balans tussen termynverkope en -aankope met die oog op 'n vermindering van die Bank se valutaverliese. Mettertyd behoort omstandighede dit egter moontlik te maak om groter gewig aan die oogmerk van 'n verbeterde balans in die termynvalutamark te gee."³

Daar kan dalk geredeneer word dat alhoewel die Reserwebank gewoonlik 'n netto termynverkoopsaldo

het, verliese op die termynmark verhoed kon gewees het indien hierdie blootstelling binnelands of buitelands gedeck is. Die Reserwebank kon hierdie risiko's nie binnelands dek nie vanweë die onderontwikkelde private termynmark sowel as ander markte waarin beskerming teen die risiko's verky kan word. Die netto verkoopsaldo op die termynboek van die Bank kon ook nie internasionaal gedeck word nie vanweë die lae vlak van die buitelandse reserwes en die begeerte om die druk wat sodanige transaksies op die kontantwisselkoers van die rand sou plaas, te verhoed.

Markbenaderde termynwisselkoerse

Omdat die Reserwebank nie in staat was om sy netto verkoopsaldo te dek nie, was dit bykans onvermydelik dat verliese op die termynboek gely word onder die stelsel waarin termynkoerse voor Februarie 1979 bepaal is. Soos alreeds aangetoon, is die termynkoerse wat op daardie stadium deur die Reserwebank gekwoteer is vir beide aankoop- en verkooptransaksies, op die kontantwisselkoers plus 'n vaste kommissie van een persent vasgestel. Met 'n groot netto termynverkoopsaldo, het 'n depresiasi van meer as een persent noodwendig 'n verlies op die Bank se termynvalutatransaksies tot gevolg gehad. In 'n wêreld van swewende wisselkoerse kom sulke depresiasiën natuurlik heel dikwels voor.

Hierdie stelsel is derhalwe vervang met 'n nuwe stelsel waarin termynkoerse gebaseer is op die rand/dollar-kontantwisselkoers plus óf minus 'n persentasie-aanpassing vir rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en die Verenigde State. Aanvanklik is hierdie termynkoerse vir slegs drie looptye gekwoteer, naamlik vir tydperke van 3 tot 121 dae, 122 tot 243 dae en 244 tot 365 dae. Later, dit wil sê in November 1980, is hierdie stelsel uitgebrei om 'n meer uitgebreide reeks koerse vir verskillende looptye in te sluit. In Desember is hierdie stelsel verder gewysig deur termynwisselkoerse in terme van punte eerder as persentasies te kwoteer.

Alhoewel die huidige stelsel vir die berekening van termynkoerse 'n groot verbetering is in vergeleke met die vorige stelsel, kan verliese op die termynboek nog steeds nie voorkom word waar aansienlike depresiasi van die rand plaasvind of waar kunsmatige lae binnelandse rentekoerse gehandhaaf word nie. Dit kan miskien die beste geillustreer word deur die huidige stelsel in Suid-Afrika met dié van 'n ontwikkelde termynvalutamark te vergelyk.

In 'n ontwikkelde termynvalutamark wat betreklik vry van valutabeheerbeperkings is, word kontantwisselkoerse, termynwisselkoerse en rentekoerse min of

³ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *Wisselkoerse in Suid-Afrika* (Eerste Tussentydse Verslag, RP112/1978, Staatsdrukker, Pretoria, 1979 p. 34).

meer gelyktydig vasgestel. In so 'n mark word veranderings in die termynmark vinnig na veranderings in die kontantmark herlei, en omgekeerd. Die termynpremie of -diskonto van 'n land se wisselkoers teenoor dié van 'n ander land sal neig om gelyk te wees aan die verskil tussen die tersaaklike rentekoerse in die betrokke twee lande. Indien dit van hierdie "rentekoerspariteit" sou awyk, kan winste gemaak word deur fondse van die een na die ander geldeenheid oor te plaas. Enige sodanige beweging van fondse sal natuurlik weer neig om die rentekoersvlakte in die twee lande te beïnvloed; rentekoerse sal neig om te daal in die land wat 'n bykomstige vraag na sy geldeenheid ondervind, en om te styg in die ander land.

'n Voorbeeld sal dit toelig. Veronderstel dat die rentekoers in die Verenigde State 6 persent, is die rentekoers in die Verenigde Koninkryk 10 persent is en dat die drie-maande termynkoers op sterling op 'n diskonto van 5 persent teenoor die sterling/dollarwisselkoers staan. 'n Belegging in sterling wat vooruit gedeck word lewer dus 'n totale opbrengs van 5 persent, wat ongunstig vergelyk met 'n belegging in dollars. 'n Belegger kan gevoglik gedeekte sterling teen 5 persent leen en in dollars teen 6 persent belê. Hierdie toestand sal egter waarskynlik nie lank voortduur nie. Volgehewe sterlinglenings tesame met groot beleggings in dollar sal sterlengrentekoerse vinnig laat styg en dollar-koerse laat daal totdat rentekoerspariteit bereik word. Terselfdertyd beïnvloed die beweging van fondse van sterling na dollars ook die wisselkoers tussen die twee geldeenhede.

Hierdie min of meer gelyktydige bepaling van kontantkoerse, termynkoerse en rentekoersverskille in 'n goed ontwikkelde mark ontstaan uit drie tipes transakteurs se optrede. Eerstens verskans inwoners van die betrokke lande hulle handels- en finansiële transaksies teen moontlike skommelings in kontantwisselkoerse as deel van hulle normale handelsoptrede. Tweedens plaas arbitrageurs fondse van een geldeenheid na die ander oor wanneer termyndiskonto's of -premies uit lyn is met rentekoersverskille. Laastens tree spekulante in die mark op wat gewillig is om op die basis van verwagte wisselkoersveranderings blootstellings te handhaaf sonder enige onderliggende handels- of finansiële transaksie.

Die funksionering van hierdie markte word gewoonlik verder vergemaklik deur ontwikkelde Euro-valutamarkte in die geldeenhede waarin hulle sake doen. In die praktyk word termynkoerse, onder normale omstandighede, gewoonlik bepaal deur verskille tussen die Euro-koerse eerder as tussen die binnelandse rentekoerse in die betrokke lande wat deur overheidsopredes beïnvloed kan word. Die Euro-markte is wesenlik vrye markte wat vryelik deur inwoners en nie-inwoners gebruik kan word. Dit beteken dat die banke geredelik enige termynmarkverpligting kan dek.

In die Suid-Afrikaanse termynvalutamark word termyntransaksies tot slegs kommersiële transaksies

(onderliggende handels- en finansiële transaksies) beperk. Hierdie transaksies word deur verskillende valutabeheermaatreëls geregeleer. Daarbenewens bestaan 'n Euro-randmark omtrent nie en is dit onder huidige omstandighede moeilik om die ontwikkeling van so 'n mark in die nabije toekoms te voorsien. Die termynwisselkoerse wat deur die Reserwebank gekwoteer word, is dus gebaseer op kontantwisselkoerse en binnelandse rentekoerse wat onder beperkte toestande bepaal word en wat nie deur arbitrasie en spekulasië beïnvloed word nie. Hierdie termynkoerse is, met ander woorde, slegs gesimuleerde markkoerse; as sodanig mag hulle heeltemal teenstrydig wees met verwagte wisselkoers- of rentekoersbewegings soos wat hulle onder vryer toestande bepaal sou word. Aangesien hierdie verwagtings nie by die termynkoerse inbegrepe is nie, sal 'n aansienlike depresiasië van die rand tesame met 'n netto verkoopsaldo op die termynboek noodwendig verliese op termynvalutatransaksies tot gevolg hê.

Die vraag kan gevra word waarom die Reserwebank nie verwagte wisselkoersbewegings by die bepaling van termynkoerse in aanmerking neem nie? Die antwoord is natuurlik dat die Reserwebank nie kan bekostig om dit te doen nie aangesien dit aan die mark sou aandui wat die Bank se verwagtings aangaande toekomstige kontantwisselkoersontwikkelings is. Dit kan aanleiding gee tot spekulatiewe kapitaalbewegings wat die buitelandse reserwes onder groot druk kan plaas as 'n aansienlike verandering in die waarde van die rand aangedui word. Dit kan ook lei tot 'n om-skakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansiellingsbronne wanneer die verskil tussen binnelandse en buitelandse rentekoerse laer is as die diskonto op die termynkoers, aangesien dit sal beteken dat die koste van gedeakte buitelandse lenings hoër as die koste van binnelandse lenings sal wees.

Klassifikasie van termynverliese in makro-ekonomiese rekening

In die Internasionale Monetäre Fonds se *Balance of Payments Manual* en die Verenigde Volke se *A System of National Accounts* word geen uitdruklike aanbevelings oor die klassifikasie van die verliese op 'n sentrale bank se termynboek gemaak nie. Albei die laaste uitgawes van hierdie twee handleidings het verskyn voor of net nadat die swewende wisselkoersstelsel in werking getree het. Dit wil dus voorkom asof sodanige verliese op daardie tydstip as te onbelangrik beskou is om 'n breedvoerige bespreking en uitdruklike instruksies te regverdig.

In die Internasionale Monetäre Fonds se *A Manual on Government Finance Statistics*, wat in 1986 gepubliseer is, word bepaal dat regeringsoordragte om te vergoed vir verliese wat gely is op die aankoop en verkoop van buitelandse valuta 'n deel uitmaak van subsidies indien dit op 'n *herhalende en gereelde* basis geskied. As dit egter *nie-herhalend of duidelik onge-*

reeld plaasvind, moet dit as kapitaaloordragte geklassifiseer word.

In Suid-Afrika is die verliese op die termynboek van die Reserwebank vir die rekening van die Tesourie. Die Tesourie maak egter nie gereelde betalings aan die Reserwebank om hierdie verliese af te los nie. Sodanige verliese kan in die boeke van die Reserwebank bly staan totdat die Tesourie en die Reserwebank dit as gewens beskou om die uitstaande saldo te vereffent. In die verlede is die Reserwebank se verliese op termyn-dekkingsoptredes boonop in sekere jare afgeskryf teen winste wat ontstaan het uit die herwaardering van Suid-Afrika se goudreserwes teen hoër prys, dit wil sê teen kapitaalwinste.

Die Reserwebank ly nie altyd verliese nie; daar is tye wanneer aansienlike winste gemaak word. Indien die Reserwebank se termynverliese as subsidies geklassifiseer word, behoort winste op hierdie boek onder indirekte belastings ingesluit te word. Indirekte belastings word in die nasionale rekeninge gedefinieer as verpligte betalings aan die regering wat gehef word op produsente ten opsigte van die produksie, verkoop, aankoop of gebruik van goedere en dienste. Winste op die termynvalutaboek is egter beslis nie verpligte betalings aan die regering nie. Hierdie kontrakte word vrywillig deur inwoners aangegaan om hulle teen wisselkoersveranderings te verskans. Hierdie tipe inkomste verskil dus heeltemal van ander betalings aan die regering wat as indirekte belasting geklassifiseer word, soos aksynsbelasting, verkoopbelasting, sakelisensies en eiendomsbelasting.

Bowendien is die doelwit van subsidies om pryse van produkte laer te hou as wat deur produksiekoste (insluitende 'n redelike winsgrens) geregverdig word. Die verliese wat die Reservewebank op termynvaluta-transaksies ly het bepaald nie ten doel om die koste van invoer- en uitvoergoedere en -dienste te verlaag nie, alhoewel dit hierdie resultaat in die praktyk tot gevolg mag hê. Omgekeerd was dit ook nie die owerhede se bedoeling om buitelandse handel te belas in die geval waar winste op hierdie transaksies gemaak word nie. Die oogmerk van die regering met die huidige regulering van die termynmark is eerder om die buitelandse reserwes te beskerm deur buitelandse finansiering aantreklik te maak.

Vanuit 'n praktiese oogpunt sal die klassifikasie van verliese op die termynboek as subsidies ook ernstige probleme veroorsaak. Die nasionale rekeninge en betalingsbalans word op 'n transaksiebasis en nie, soos die finansiële rekeninge nie, op 'n kontantbasis te boek gestel. Dit beteken dat indien hierdie verliese as subsidies beskou word, hulle ook toegedeel moet word na die tydperke waarin die tersaaklike goedere in- of uitgevoer is. Bykomstig tot hierdie tydsansuiwerings wat gemaak sou moes word, sou dit ook meer korrek gewees het om die winste en verliese op die termynboek op 'n bruto basis aan te teken, dit wil sê winste sou as indirekte belasting en verliese as subsidies

aangeteken moet word. Die teboekstelling van hierdie winste en verliese op 'n bruto basis sou die korrekte toedeling van hierdie waardasie-aansuiwerings tussen uitvoer en invoer vir betalingsbalansdoeleindes toelaat.

In ooreenstemming met hierdie oorwegings is die winste en verliese op die Reserwebank se termynboek as kapitaaloordragte in Suid-Afrika se makro-ekonomiese rekeninge geklassifiseer. Gevolglik verskyn dit nie in die produk- en uitgawerekening van die land nie en ook nie in die lopende inkomse- en uitgawerekeninge van die verskillende ekonomiese sektore nie. Dit word slegs in die kapitaalrekeninge van hierdie sektore aangeteken. In die betalingsbalans word slegs 'n deel van die netto wins of verlies op die Reserwebank se termynboek in die kapitaalrekening as kapitaalvloeiings van die nie-bank private sektor ingesluit. Slegs daardie deel van die netto wins of verlies wat verband hou met die werklike oordrag van fondse word hier ingesluit, omdat slegs hierdie verliese op transaksies met nie-inwoners gely word. Alle ander verliese op die termynboek word gely op transaksies tussen inwoners van Suid-Afrika wat nie die totale buitelandse reserwes van die land beïnvloed nie.

Makro-ekonomiese implikasies

Die verliese op die Reserwebank se termynboek het belangrike makro-ekonomiese implikasies. In hierdie afdeling word dié implikasies slegs op 'n kwalitatiewe wyse bespreek. Verdere empiriese navorsing is nodig om die presiese kwantitatiewe invloed van hierdie verliese te bepaal.

Invoer

Soos reeds aangetoon, is een van die redes waarom verliese op die Reserwebank se termynvalutatransaksies gely word dat die termyndiskonto van die rand teenoor, sê, die VSA-dollar laer as die werklike depre-siasië van die rand teenoor die dollar was. Betreklik lae termyndiskonto's maak gedekte invoer vir toekomstige aflewering goedkoper as wat dit sou wees teen die heersende wisselkoerse ten tye van aflewering of betaling. Hierdie betreklik lae koste van gedeakte invoer kan 'n toename in die hoeveelheid ingevoerde goedere ten koste van binnelandse produksie tot gevolg hê.

Veronderstel byvoorbeeld dat die koste van termyn-dekking teen die VSA-dollar 6 persent per jaar is en dat die verwagte inflasiekoers in die VSA 4 persent is. Dit maak die prys van VSA-goedere oor 'n jaar 10 persent duurder as wat dit vandag is. Met 'n verwagte toename van sê 13 persent in die randpryse van identiese goedere in Suid-Afrika, is die styging in die gedekte invoerkoste vanaf die VSA laer as die prysstygting in Suid-Afrika. As die pryne van die Suid-Afrikaans ver-vaardigde goedere tans ten volle mededingend is (maar nie meer as dit nie) met hulle teenhangers wat van die VSA af ingevoer word, sal die betreklik lae koste van die termyndekking lei tot 'n vervanging van plaaslik ge-

produseerde goedere vanaf die huidige tydstip met ingevoerde goedere en dus 'n styging in die fisiese hoeveelheid ingevoerde goedere tot gevolg hê.

Die betreklik lae koste van termynvalutadekking kan ook 'n bespoediging of vervroeging in die invoerhoeveelheid veroorsaak wat andersins op 'n latere tydstip sou plaasgevind het. Indien die gedekte invoerkoste tans laer is as die verwagte koste oor drie of ses maande, kan dit 'n vervroeging van bestellings sowel as afleverings en gevoglik 'n verswakkering in die lopende rekening van die betalingsbalans tot gevolg hê. Die betreklik lae termyndekingskoste kan dus ook meer onstabiele toestande skep, wat voorkom kon word as verwagte wisselkoers- en ander ontwikkelings in die koste van termyndekking weerspieël is of as die rentekoerse op 'n hoërvlak was.

Uitvoer

Suid-Afrika se valutabeheerregulasies bepaal dat alle uitvoergoedere wat op krediet verkoop word, binne sewe dae na verskeping vooruit gedeck moet word. Hierdie vereiste skakel die wins uit wat uitvoerders kon gemaak het indien hulle uitvoeropbrengste ongedek gelaat kon word en as die rand dan volgens verwagting sou depresieer. Dit behoort egter nie 'n belangrike invloed op die uitvoerhoeveelheid te hê nie aangesien uitvoerders met verloop van tyd deur die depresiasie van die kontantwisselkoers bevoordeel sal word. Verpligte termyndekking kan egter sloerings in uitvoerafleverings bevorder indien 'n groot depresiasie van die rand verwag word en dit kan ook die tydperk verkort waaroor uitvoerders gewillig is om krediet te voorsien. Gevolglik kan dit die bemarkingsdoeltreffendheid van uitvoerders beïnvloed en derhalwe onregstreeks 'n negatiewe invloed op die uitvoerhoeveelheid hê. In geheel gesien het verpligte termyndekking van uitvoeropbrengste egter waarskynlik nie 'n noemenswaardige invloed op die uitvoerhoeveelheid nie.

Kapitaalbewegings

Die belangrikste regverdiging vir die bestaan van die huidige stelsel van termynvalutadekking is dat dit 'n invloeiing van buitelandse kapitaal na die land aanmoedig sonder om 'n verhoging in rentekoerse te noodsaak om dieselfde resultaat te verkry. Alhoewel die gewone termynkoerse van die Reserwebank vir ruitransaksies met gemagtigde handelaars die koste van buitelandse lenings min of meer gelyk maak aan die koste van binnelandse lenings en dus nie regstreeks 'n kapitaalinvloeiing aanmoedig nie, voorkom die feit dat gemagtigde handelaars hulle posisie by die Reserwebank kan dek dat 'n aansienlike kapitaalinvloeiing plaasvind. Die lae voorkeurtariewe op handelstransaksies en die selfs laer koste van langtermyndekking bevorder natuurlik regstreeks 'n invloeiing van buitelandse kapitaal. Laasgenoemde fasilitet is gedurende 1989 in 'n aansienlike mate gebruik, wat gehelp het om die vlak van die buitelandse reserwes te ondersteun.

Geldmark

Die verliese op die Reserwebank se termyntransaksies lei tot 'n toename in die bates van die Bank in die vorm van eise teen die regering. 'n Toename in die bates van die Reserwebank is, *ceteris paribus*, 'n bron van nuwe kontantreserwes vir bankinstellings. Hierdie bron van nuwe kontantreserwes ontstaan deurdat die Reserwebank op die verval datum van die termynkontrak byvoorbeeld dollars aan die banke verskaf teen 'n rand/dollarwisselkoers wat onder die heersende waarde van die dollar is. Die banke betaal minder rand as die heersende waarde van die dollars wat hulle ontvang, met die gevolg dat die bedrag aan kontantreserwes wat van die private bankstelsel onttrek word, kleiner is as wat dit moes gewees het; die verskil tussen die heersende randwaarde van die dollars wat die Bank afstaan en die afname in bankiersdeposito's word goedgemaak deur die eis wat die Bank teen die Tesourie verkry. Alhoewel dit kontantreserwes verteenwoordig wat "nie vernietig is nie" eerder as kontantreserwes wat "geskep" is, is dit 'n "plusfaktor" in die berekening van die banke se kontantreserwebesit en het dit dieselfde uitbreidende uitwerking op die geldmark asof die Reserwebank kontantreserwes deur middel van opemarkoptredes of deur middel vanakkommodasie by die diskontovenster aan die banke voorsien het.

Wanneer hierdie eise deur die regering betaal word, het dit egter nie 'n ooreenstemmende vernouende invloed op die kontantreserwes van die banke nie. In hierdie geval word die daling in die Reserwebank se bates, wat ontstaan uit die betaling van die eis, deur 'n ooreenstemmende daling in die Bank se laste teen die regeringsektor, in die vorm van 'n afname in die Skatkisrekeningsaldo, geneutraliseer.

Staatsfinansies

Die verliese op die termynboek van die Reserwebank beïnvloed nie die finansiële posisie van die regering onmiddellik nie, in soverre dat die verliese nie dadelik deur die regering betaal word wanneer dit gely word nie. Aan die einde van elke finansiële jaar word hierdie verliese na die sogenaamde Goud- en buitelandsevalutagebeurlikhedsreserwerekening oorgeplaas en in hierdie rekening word dit afgeskryf teen winste of bygevoeg by verliese wat op goud en op die buitelandse laste en bates betitel in ander geldeenheide gemaak is. Die berekende netto verlies op hierdie rekening kan daarna op die rekening bly totdat die Tesourie en die Reserwebank dit wenslik ag om die uitstaande saldo of 'n deel daarvan te vereffen.

Alhoewel hierdie veliese nie onmiddellik in die rekening van die Tesourie aangeteken word nie, verteenwoordig dit staatskuld. In 'n ontleding van die staatskuld behoort dit by die totale bedrag uitstaande gevoeg te word en soos enige ander staatskuld plaas dit 'n las op toekomstige regeringsbelasting en ander in-

komste. Die termynvalutaverliese verskil egter in twee belangrike aspekte van ander staatskuld. Eerstens word daar nie 'n vaste datum vir die terugbetaling van hierdie skuld vasgestel nie. Tweedens word geen rente op die eise van die Suid-Afrikaanse Reserwebank teen die regering gehef nie.

Binnelandse produksie en besteding

Soos reeds aangetoon, neig die betreklik lae diskonto's op die Reserwebank se termynvalutatransaksies om 'n vervanging van ingevoerde goedere vir binnelands geproduseerde goedere te veroorsaak, met 'n gevolglike afname in die binnelandse produksie. Hierdie vervangingseffek word egter verminder in dié mate wat die korttermynprysvoordeel wat ondernemers geniet nie aan verbruikers deurgegee word nie, of slegs gedeeltelik deurgegee word. Met ander woorde, ingevoerde goedere word binnelands teen randpryse verkoop wat in geheel, of bykans in geheel, die omvang van die rand se depresiasisteenoor ander geldeenhede insluit, en die koers van toename in verbruikerspryse word slegs in 'n beperkte mate verminder deur die verliese op die Reserwebank se termynkontrakte. Hierdie praktyk verminder dus die vervangingseffek op binnelandse produksie, wat selfs meer sou afgeneem het as hierdie prysvoordeel aan die verbruikers deurgegee is. Alhoewel daar veral oor hierdie aspek verdere navorsing gedoen moet word, wil dit voorkom asof die termynverliese tot ietwat laer binnelandse produksie en hoër binnelandse besteding in reële en moontlik ook in nominale terme lei. Hierdie gevolgtrekking is in ooreenstemming met die verwagte verswakkings wat die huidige stelsel van termynvaluta waarskynlik ook op die lopende rekening van die betalingsbalans meebring.

Aflassing van termynverliese alreeds aangegaan

Drie benaderings kan deur die owerhede gevolg word met betrekking tot die termynverliese wat alreeds deur die Reserwebank vir die rekening van die Tesourie aangegaan is, naamlik:

- Die regering kan voortgaan om hierdie eise uit lopende inkomste te betaal. As die groot omvang van die opgelooste bedrag van onafgeloste termynverliese in aanmerking geneem word, sal sodanige betalings aan die Reserwebank oor 'n tydperk versprei moet word; die aflassing in 'n enkele bedrag sal te ontwrigtend wees. Die heffing van bykomstige belasting vir die aflassing van die totale bedrag van uitstaande verliese sal 'n baie groot deflationistiese uitwerking op die ekonomie hê. Dit sal ook die geldmark ernstig versteur en die Reserwebank verplig om uitgebreide hulp aan die mark te verskaf. Die huidige beleid om hierdie lenings terug te betaal wanneer die Minister van Finansies en die President van die Reserwebank dit gerade ag, lyk na die beste beleid wat onder die omstandighede gevolg kan word, veral aangesien dit by 'n

breër ekonomiese strategie en met toestande in die geld- en kapitaalmarkte ingepas kan word.

- Die regering kan nuwe effekte uitrek teen die eise wat uit die termynverliese ontstaan. Hierdie effekte kan regstreeks aan die Reserwebank voorsien of in die mark verkoop word. Indien dit regstreeks aan die Reserwebank beskikbaar gestel word, sal dit nie enige invloed op die geldmark of op die geldvoorraad hê nie, en hierdie effekte kan dan in toekomstige opemarkbedrywigheid gebruik word. Indien die effekte op die mark verkoop word en die opbrengs gebruik word om die Reserwebank te betaal, sal dit die kontantreserves van die banke verminder en kan dit ook tot 'n afname in die geldvoorraad lei (as 'n "eerste-ronde"- uitwerking) indien die transaksies nie deur middel van oortrekingsfasilitete gefinansier word nie. As die monetêre owerhede van mening is dat sodanige verkope te ontwrigtend is, kan die invloed daarvan op die geldmark natuurlik deur die Reserwebank geneutraliseer word deur die gelyktydige aankoop van papier in die mark. Die netto resultaat sal dan weer 'n aansienlike toename in die effektesbesit van die Reserwebank in ruil vir die Bank se eise teen die Tesourie wees.

So 'n substitusie van skuld impliseer egter dat die regering rentevrye skuld sonder 'n vaste termyn verruil vir rentedraende skuld met 'n vaste looptyd. So 'n procedure sal dus 'n bykomstige las op die belastingbetalers plaas, maar dit kan in 'n sekere mate geneutraliseer word deur groter winste wat die Reserwebank maak en wat aan die einde van elke finansiële jaar aan die regering oorbetaal word.

- Die derde benadering is om nik in verband met die valutaverliese wat die Reserwebank aangaan het, te doen nie. Hierdie benadering is gebaseer op die argument dat daar geen dringende rede is waarom hierdie verliese terugbetaal moet word nie: hulle het alreeds die ekonomie beïnvloed en het eenvoudig deel geword van die menigte gebeure wat tot die huidige ekonomiese toestand geleid het. Die terugbetaaling van hierdie verliese sal weer 'n nasleep op die heersende ekonomiese toestand hê en hierdie uitwerking kan dalk nie wees wat die huidige toestand vereis nie. Daar kan egter ook aangevoer word dat daar, met die oog op finansiële dissipline, van die regering vereis behoort te word om sy finansiële verpligtings na te kom.

Voorkoming van toekomstige termynverliese

Verskeie alternatiewe maatreëls kan deur die owerheid toegepas word om verliese op die Reserwebank se termynboek in die vervolg te voorkom. Die meeste van hierdie oplossings is egter onaanvaarbaar vanweë hulle moontlike nadelige uitwerking op die ekonomie.

- Een van die swakste oplossings sou wees om die rand op 'n kunsmatige hoëvlak te hou ten einde verliese op termynvalutatransaksies so klein as moont-

lik te maak. Dit sou veroorsaak dat die uitvoer toeneemend onmededingend word, veral as die inflasiekoers hoog bly, en dat binnelandse produsente aan ondraaglike buitelandse mededinging blootgestel word. Dit sou waarskynlik ook 'n aansienlike afname in buitelandse reserwes veroorsaak wat meer momentum sal verkry namate transakteurs meer seker word dat die owerhede nie in staat sal wees om die kunsmatige hoë vlak van die randwisselkoers te handhaaf nie.

- 'n Bykans ewe swak benadering sou wees as die owerhede termynkoerse sou aanpas om die verwagte inflasiekoersverskil tussen Suid-Afrika en byvoorbeeld die Verenigde State in ag te neem, terwyl rentekoerse kunsmatig laag gehou word. So 'n benadering sou kon lei tot die siening dat die sentrale bank 'n depresiasi van die rand verwag, wat meer spekulatiewe kapitaalbewegings en nadelige vervroegings en vertragings in in- en uitvoer kon bevorder. Die vasstelling van termynkoerse op hierdie wyse sou ook gedekte buitelandse finansiering duurder as binnelandse finansiering maak, wat in elk geval tot 'n omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansieringsbronne en 'n ooreenstemmende daling in die buitelandse reserwes sou lei. Van nog meer belang is dat die kunsmatige lae vlak van binnelandse rentekoerse waarskynlik tot 'n wanallokasie van produktiewe bronne sou lei.
- Die owerhede sou ook kon besluit om alternatiewe metodes van termyndekking as 'n plaasvervanger vir die tradisionele termynmark te ontwikkel. Termynbeurse en opsiemarkte bied so 'n moontlikheid. Tans lyk dit na 'n onwaarskynlike alternatief vir Suid-Afrika vanweë die feit dat termynbeurse en opsiemarkte nog betreklik onderontwikkeld is. Boonop is daar in ander lande gevind dat hierdie markte 'n lang tyd neem om te ontwikkel en dat dit 'n groot hoeveelheid transaksies vereis wat op elke dag verval voordat hulle effektiewe verskansers vir valutarisiko's word. Selfs al sou dit moontlik wees om hierdie markte betreklik vinnig te ontwikkel, het hulle ook ander nadele wat hulle onwaarskynlike substitute vir die tradisionele termynmark maak. Hulle neig byvoorbeeld om duurder as termynmarkte te wees, word gewoonlik as meer kompleks beskou en is minder aantreklik vanweë standaardkontrakte, marges en margebetalings wat betrokke is. In die praktyk vul hulle normaalweg eerder die tradisionele termynmarkte aan as om plaasvervangers daarvoor te wees.
- Die Reserwebank kon onmiddellik van die mark ontrek. Dit sou enige toekomstige verliese op termynvalutatransaksies uitsluit, behalwe waar sodanige transaksies as deel van die doelbewuste intervensie deur die Reserwebank in die valutamark onderneem word. So 'n skielike ontrekking kan egter ernstige probleme meebring vir gemagtigde handelaars wat dit moeilik mag vind om hulle termynsaldo's te dek, veral vanweë die beperkte mark en die eensydige siening wat normaalweg tussen deelnemers geld. Hierdie pro-

bleme sal vererger word deur die feitlike afwesigheid van 'n Euro-randmark en deur die beperkings wat op kapitaalbewegings tussen Suid-Afrika en ander lande van toepassing is.

- Die onmiddellike ontrekking van die Reserwebank van die mark kan onder huidige omstandighede ook ernstige makro-ekonomiese implikasies hê. Dit sal waarskynlik tot 'n aansienlike depresiasi van die rand en tot hoër rentekoerse lei. Die daaruit voortspruitende hoër inflasiekoerse kan, op hulle beurt, verwagtings van 'n verdere depresiasi van die rand, 'n uityloeiing van kapitaal, uitputting van die goud- en ander buitelandse reserwes en 'n verdere versneling in die inflasiekoers veroorsaak.
- Die owerhede kon ook 'n beleid volg om rentekoerse te verhoog tot vlakke waar die diskonto op die termynkoers teen die rand/dollarkontantkoers die verwagte koers van depresiasi van die rand plus 'n premie vir tydvoordeur, risiko en ander transaksiekoste weerspieël. Gegewe die feit dat laasgenoemde koste gewoonlik naastenby gelyk is tussen lande, sal rentekoerse verhoog moet word na vlakke waar die Suid-Afrikaanse/VSA-rentekoersverskil naby aan die verwagte inflasiekoersverskil tussen Suid-Afrika en die Verenigde State is, of met die koopkragpariteit ooreensstem. Die koopkragpariteitvoorraarde is egter gewoonlik slegs in die lang termyn geldig. Hierdie benadering sal gevvolglik nie termynverliese oor die kort termyn voorkom nie, maar sodanige verliese sal aansienlik kleiner wees as onder 'n stelsel van minder realistiese rentekoerse.
- Die enigste bevredigende oplossing vir hierdie probleem, soos vir so baie ander ekonomiese probleme wat in Suid-Afrika ondervind word, is waarskynlik om die inflasiekoers te verminder tot vlakke wat ten minste net so laag is as dié in handelsvennootlande. Die owerhede kan dit egter moeilik vind om dit onmiddellik reg te kry. Intussen is die beste benadering waarskynlik om 'n kombinasie van realistiese rente- en wisselkoerse te handhaaf. Dit behoort verliese op die termynboek ten minste so laag as moontlik te hou terwyl 'n meer standhoudende oplossing gevind word. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt is dit waarskynlik ook die mees wenslike benadering om te volg.

Terselfdertyd behoort die owerhede voort te gaan met die ontwikkeling van 'n gesofistikeerde private termynvalutamark en met die geleidelike ontrekking van die Reserwebank van die mark, dit wil sê met die uitvoering van die aanbeveling van die De Kock-kommisie. Hierdie benadering kan die nodige buigsaamheid verskaf wat die owerhede benodig in die buitenewone omstandighede waarin hulle moet optree. Dit is ook van die allergrootste belang dat daar 'n duidelike plan moet bestaan om die Reserwebank geleidelik uit die mark te ontrek en dat die Bank se blootstelling as "markskepper" so ver as moontlik beperk word.

Samevatting

Die volgehoue stygende neiging gedurende die afgelope twintig jaar in die verliese op die termynboek van die Reserwebank is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat die Bank swaar in die mark betrokke gebly het. As 'n "markskepper" het die Bank gewoonlik 'n netto verkoopsaldo op termynboek en hierdie dekking is teen "markbenaderde" koerse aan die mark verskaf. Alhoewel hierdie termynkoerse basies vasgestel word op vlakke wat binnelandse en buitelandse rentekoersverskille weerspieël, neem hulle nie verwagte veranderings in kontantwisselkoerse in aanmerking nie. Die skerp depresiasié wat gedurende die grootste deel van die tagtigerjare in die wisselkoerswaarde van die rand voorgekom het, het gewoonlik die diskonto op die termynkoerse teen die kontantkoerse oorskry, met gevoglike aansienlike verliese op die termynboek.

Die owerhede het voortgegaan met hierdie groot kapitaaloordragte aan inwoners ten einde die goud- en ander buitelandse reserwes van die land, en derhalwe ook die wisselkoers van die rand, te beskerm. Die beste wyse waarop die owerhede verdere verliese op die termynboek kan voorkom, is deur die geleidelike onttrekking van die Reserwebank van die termynmark. Dit moet in ooreenstemming met 'n vasgestelde plan geskied, verkiëlslik sodra die vlak van die buitelandse reserwes dit toelaat. Intussen sal die owerhede moet voortgaan om verliese wat reeds aangegaan is, uit lopende inkomste af te los in ooreenstemming met breër beleidsdoelwitte en om realistiese rente- en wisselkoerse te handhaaf. Soos met so baie ander probleme in Suid-Afrika sal 'n inflasiekoers wat ten minste net so laag is as dié van handelsvennootlande, die termynverliesprobleem aansienlik verminder.

Die verliese op die Reserwebank se termynboek het belangrike makro-ekonomiese implikasies. Alhoewel verdere navorsing hieroor gedoen moet word, het dit waarskynlik 'n hoér hoeveelheid ingevoerde goedere, laer binnelandse produksie, 'n toename in binnelandse besteding en onstabiele toestande op die betalingsbalans tot gevolg. Terselfdertyd het die Bank se termynverliese 'n ekspansionistiese invloed op die geldmark wat in wese nie verskil het van die Bank se opemarkoptrede of akkommodasie aan die banke by die diskontovenster nie. Die grondliggende rede vir die voortgesette groot betrokkenheid van die Bank in die termynmark is dat die Bank se onttrekking uit die mark waarskynlik aansienlike kapitaaluitvloeiings tot gevolg kan hê.

Opmerkings oor tabelle

Verwydering van gegewens ten aansien van SWA/Namibië uit die Suid-Afrikaanse statistiek

Die onafhanklikwording van die Republiek Namibië op 21 Maart 1990 het dit noodsaklik gemaak dat alle tydreeks en ander statistiek in die *Kwartaalblad* wat in die verlede elemente met betrekking tot die ekonomie, die Regering en/of die monetêre en finansiële stelsel van SWA/Namibië ingesluit het, dienooreenkomsdig aangepas moes word.

Die gegewens wat in Tabelle S-2 tot S-115 in die uitgawe van Maart 1990 van die *Kwartaalblad* gepubliseer is, het, waar dit van toepassing was, sonder uitsondering nog inligting ten opsigte van die SWA/Namibiese ekonomie ingesluit. In teenstelling hiermee is alle statistiese reekse en ander gegewens wat in die huidige uitgawe (van Junie 1990) van die *Kwartaalblad* gepubliseer word (met uitsondering van een stel tabelle in die afdeling oor Internasionale Ekonomiese Verhoudinge, waarop hieronder nader ingegaan word), nou – in alle gevalle waar dit prakties moontlik was – hersien om die elemente wat op die SWA/Namibiese of Namibiese ekonomie betrekking het, daarvan uit te sluit.

Verdere aantekeninge en opmerkings oor die verwijdering van Namibië uit die Suid-Afrikaanse tydreeks op die gebied van die geld- en bankwese, die internationale ekonomiese betrekkinge, die nasionale rekeninge, die staatsfinansies en die kapitaalmark word hieronder aangebied.

Geld- en bankwese. – Die balanstaatgegewens en die monetêre en krediettotale soos dit tans in die hersiene Tabelle S-2 tot S-28 getoon word, weerspieël die feit dat die banke wat in Namibië geregistreer is (wat almal handelsbanke was), nou nie meer by die banksektor ingesluit is nie, dat die deposito's van die Regering van Namibië by Suid-Afrikaanse banke nou as buitelandse regeringsdeposito's in plaas van as binnelandse regeringsdeposito's geklassifiseer is, en dat die lenings en voorskotte aan, en effekte van, die Namibiese regering wat deur Suid-Afrikaanse banke besit word, nou as buitelandse bates van hierdie banke in plaas van as eise van hierdie banke teen die regeringssektor beskou word. Vanweë onbeskikbaarheid van die vereiste inligting, was dit egter nie moontlik om daardie bates en laste wat in die verlede in die banke se transaksies met inwoners van SWA/Namibië of Namibië in die private sektor hul ontstaan gehad het, te herklassifiseer as buitelandse bates en laste nie.

Die verwijdering van Namibië uit die Suid-Afrikaanse geld- en bankwesestatistik het oor die algemeen slegs 'n vergelykenderwys geringe uitwerking op die vlakte van die belangrikste monetêre en krediettotale.

Waar die vlak van M3 aan die einde van Februarie 1990 byvoorbeeld op R147 642 miljoen te staan gekom het toe Namibië nog daarby ingesluit was, word dit deur die weglatting van Namibië tot R146 257 miljoen, of met 0,94 persent, verminder. Die koers van toename in die monetêre en krediettotale word insgelyks slegs marginaal deur hierdie weglatting beïnvloed. Die koers van toename in M3 oor periodes van twaalf maande het in Februarie 1990 byvoorbeeld 21,36 persent beloop toe Namibië nog daarby ingetel was en beloop 21,17 persent noudat Namibië uit die monetêre en bankwesestatistik verwijder is.

Internasionale ekonomiese verhoudinge. – Die tabelle in hierdie afdeling van die Statistiese Tabelle in die *Kwartaalblad* wat deur die uitsluiting van Namibië geraak word, is S-64 tot S-70 en S-114 tot S-115. In die huidige uitgawe van die *Kwartaalblad* (van Junie 1990) word daar in tabelle S-64 tot S-71 en S-114 tot S-115 reeds gegewens getoon wat op die gepaste wyse hersien en aangepas is. *Die gegewens met betrekking tot Suid-Afrika se buitelandse transaksies, bates en laste, wat in tabelle S-72 tot S-78 verstrekk word, sal eers hersien word nadat die sensus oor buitelandse transaksies, laste en bates wat tans opgeneem word, voltooi is.*

Om konsekwendheid van die beskikbare tydreeks te verseker, is alle betalingsbalansgegewens vanaf 1980 hersien. Die gegewens vir die jare voor 1980 sal so gou as moontlik hersien word.

Afgesien van die aanpassings wat deur die verwijdering van Namibië uit die amptelike betalingsbalansstatistik noodsaklik gemaak is, is daar terselfdertyd ook ander hersienings en aanpassings gemaak – wat op nuwe, meer volledige of akkurate en jonger inligting gebaseer is – om die gehalte van die beskikbaar gestelde statistiek in die algemeen te verbeter.

Die handelstatistik wat deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns beskikbaar gestel word, sal soos voorheen nog op die gebied van die hele Suid-Afrikaanse Doeane-unie betrekking hê. Hierdie statistiek sal dus voortgaan om handelstatistik met betrekking tot Namibië in te sluit solank as wat die Republiek Namibië 'n deel van die Doeane-unie bly.

Die verwijdering van Namibië uit die Suid-Afrikaanse betalingsbalansstatistik het onder andere 'n belangrike invloed op die oorskotte wat in die vier kwartale van 1989 op die lopende rekening van die Betalingsbalans aangeteken is. Die algemene uitwerking van die weglatting van Namibië is om hierdie oorskotte kleiner te maak. Dit is in belangrike mate die gevolg van die feit dat oordragbetalings aan SWA/Namibië nou as oordragbetalings aan nie-inwoners tel.

Die nasionale rekeninge. – Weglating van SWA/Namibië uit die statistiek van die nasionale rekeninge soos dit deur die Departement Ekonomie van die Reserwebank saamgestel word, beteken dat hierdie rekeninge nou slegs bestaan uit die produksie-, bestellings- en besparingsrekeninge vir die Republiek van Suid-Afrika (met inbegrip van die sogenaamde selfregerende state) en vir die Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei.

Alle historiese gegewens van die nasionale rekeninge is hersien en is vergelykbaar. Alle *afgeleide* rekeninge waarby die betalingsbalansstatistiek 'n rol speel, is egter slegs vanaf 1980 in hul hersiene vorm beskikbaar. Die gegewens van die nasionale rekeninge vir die jare voor 1980 sal aangepas word sodra die ter sake dienende betalingsbalansgegewens vir die betrokke jare op die gepaste wyse hersien is.

Die verwydering van SWA/Namibië uit die ramings van die totale van die nasionale rekeninge bring vir bykans al die hoofkomponente van die inkome, bestellings-

ding en besparing ietwat laer absolute waardes mee. Soos ook deur die bygaande grafiese getoon word, word die konjunkturele tendense in die nasionale rekeninge, op 'n jaarbasis bereken, egter nie in enigsins betekenisvolle mate deur hierdie weglating beïnvloed nie. Die verskille tussen die groeikoerse van jaar tot jaar in die reële bruto binnelandse produk en in die komponente van die reële finale binnelandse vraag voor en ná die uitsluiting van SWA/Namibië is in geen jaar groter as 0,5 persentasiepunte nie.

Ramings van die onderskeie makro-ekonomiese totale in SWA/Namibië in verhouding tot die grootte van hierdie totale in Suid-Afrika, strek van 'n maksimum van byna 5 persent in die geval van die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid tot nie meer as 4 persent nie in die geval van die reële bruto binnelandse vaste investering, 3 persent in die geval van die reële bruto binnelandse produk, en slegs 2½ persent in die geval van die reële private verbruiksbesteding.


Meer beduidende verskille kom na vore wanneer die groeikoerse van *kwartaal tot kwartaal* in die verskillende makro-ekonomiese totale voor en ná die uitsluiting van SWA/Namibië met mekaar vergelyk word. Dit is hoofsaaklik 'n weerspieëling van die groter onbestendigheid wat, onder andere as gevolg van skommelings in die toegevoegde waarde van belangrike sektore soos die landbou en die mynbou, deur die veranderings van kwartaal tot kwartaal in die betrokke groothede aan die dag gelê word.

Die gegewens waarvan SWA/Namibië uitgesluit is, is bereken deur die geraamde totale wat oorspronklik ten aansien van SWA/Namibië by die ramings van die nasionale rekeninge ingetel is, weer van die bestaande ramings af te trek. Veral ten opsigte van die periode wat meer onmiddellik aan Namibië se onafhanklike wording voorafgegaan het (waarin daar in verskeie sektore van die Namibiese ekonomie, soos die konstruksiebedryf en verskeie dienstesektore, 'n oplewing van die ekonomiese bedrywigheid voorgekom het), is dit egter moontlik dat hierdie "bytellings" tot die Suid-Afrikaanse gegewens met betrekking tot SWA/Namibië (wat nou weer afgetrek is), in werklikheid effense onderskattings is van die hoeveelhede of bedrae wat werklik daarby betrokke was. Om hierdie en verwante redes sal die bymekaartelling van die "afgeleide" ramings vir Suid-Afrika *ná weglating* van SWA/Namibië, en die ramings van die gegewens van die nasionale rekeninge vir SWA/Namibië wat sedert 1982 deur die SWA/Namibiese Departement van Finansies gepubliseer word, nie noodwendig die totale oplewer wat deur die "ou" reekse van die nasionale rekeninge (waarby SWA/Namibië nog *ingesluit* was) vir die betrokke jare getoon word nie.

Die Staatsfinansies. – Tabelle S-55, S-56 en S-62 tot S-63 is soos volg aangepas:

Tabel S-55: Finansiering van die skatkisrekeningte-kort. Die veranderings in die netto skuldposisie van die skatkisrekening teenoor Namibiese banke is, begin-

Vergelyking van nasionale-rekeninggroothede



nende in Februarie 1987, vanaf die "Banksektor" na die "Buitelandse sektor" oorgeplaas.

Table S-56: *Regeringsdeposito's.* – Die deposito's van die voormalige Administrasie van Suidwes-Afrika is deurgaans uit die deposito's van Provinciale Administrasies weggeneem.

Tabelle S-62 tot S-63: *Binnelandse bemarkbare effekteskuld van Sentrale Regering volgens besitter.* Die besit van SWA/Namibiese of Namibiese banke aan die betrokke effekte is, beginnende in Februarie 1987, vanaf "Handelsbanke" na "Ander besitters" oorgeplaas.

Kapitaalmark. – Die volgende aanpassings is tot dusver gemaak:-

Tabelle S-31, S-32 en S-33: *Permanente bouverenigings: laste, bates en uitgesoekte poste en transaksies:* Inligting met betrekking tot bouverenigings in SWA/Namibië of Namibië is *vanaf Januarie 1990* uit die gegewens verwyder.

Tabel S-34: *Permanente bouverenigings: indeling van deposante, aandeelhouers en leners:* Inligting met betrekking tot SWA/Namibiese of Namibiese bouverenigings is *vanaf 1981* uit die gegewens verwyder. Gegewens ten opsigte van die transaksies of betrekkinge van inwoners van SWA/Namibië of Namibië met Suid-Afrikaanse bouverenigings is van die betrokke "inwoners"-kategorieë na die betrokke "nie-inwoners"-kategorieë oorgeplaas.

Tabel S-35: *Depositonemende en ander spaarinstellings:* Inligting met betrekking tot SWA/Namibiese of Namibiese instellings is soos volg uit die gegewens verwyder:

- in die geval van bankinstellings *vanaf die eerste kwartaal van 1987*;
- in die geval van bouverenigings *vanaf die eerste kwartaal van 1990*;
- in die geval van deelnemingsverbandskemas *vanaf die eerste kwartaal van 1986*.

Tabel S-36: *Deelnemingsverbandskemas:* Inligting met betrekking tot hierdie soort skemas in SWA/Namibië of Namibië is *vanaf die eerste kwartaal van 1986* uit die gegewens verwyder.

Tabel S-42: *Nie-finansiële openbare ondernemings: laste en bates:* Inligting met betrekking tot sulke ondernemings in SWA/Namibië of Namibië is *vanaf die vierde kwartaal van 1984* uit die gegewens verwyder.

In al hierdie gevalle sal die gegewens vir datums voor die aangeduide datums so gou as moontlik aangepas word om Namibië daaruit weg te laat.